

HOOFSTUK 3

DIENSTERREINE IN MAATSKAPLIKE WERK BETROKKE BY MENS-DIERINTERAKSIE

3.1. INLEIDING

Maatskaplike werk as dissipline word in hierdie hoofstuk uitgelig, nie alleen vanweë sy rol in die ontstaan en ontwikkeling van mens-dierinteraksie as studieveld nie, maar veral ook die multidisiplinêre aard daarvan. Maatskaplike werk word omskryf as: "...an art, a science, a profession that helps people to solve personal, group (especially family), and community problems and to attain satisfying personal, group, and community relationships through social work practice...Certainly the main focus of the social worker is upon helping people to improve their social functioning, their ability to interact and relate to others" (Thackeray, Farley & Skidmore, 1994:8). Menslike problematiek kan egter nie in isolasie beskou word nie: "Human problems are not arranged or divided neatly along lines coinciding with the divisions between the social disciplines" (Sherif, 1979:197), en daarom leen maatskaplike werk hom dus veral tot multidisiplinêre samewerking: "No other profession relies so much on the integration of the social, behavioral, and biological sciences. Social work builds its practice on the complexities of interdisciplinary study" (Hoffman & Sallee, 1994:329).

Die maatskaplike rol van geselskapsdiere spruit voort uit die simbiotiese verhouding tussen mens en dier. In die moderne samelewing is hierdie verhouding dalk so vanselfsprekend en onopvallend dat dit nie altyd besef word watter belangrike onderdeel dit van die mens se sosiale sisteem uitmaak nie (Odendaal, 1988:79). Mithen (1999:195) sluit hierby aan as hy sê dat: "...our day to day lives involve such a variety of interactions with animals that we hardly spare this remarkable phenomenon a second thought". Die mens-dierband bestaan uit vele fasette. Die terapeutiese waarde van geselskapsdiere is hoofsaaklik geleë in die eienskappe waardeur hierdie band gekenmerk word. Die belangrikste hiervan is: "... the bond of understanding, unconditional regard, love and acceptance, and genuineness, openness and honesty" (Stewart, 1996:7). Hierdie eienskappe stem opvallend ooreen met dié van die terapeutiese verhouding wat as vertrekpunt in die hulpverleningsproses beskou word. Die feit dat geselskapsdiere nie op menslike vlak inkongruent is nie, geen bedreiging inhou met fisiese aanraking nie, hul volle aandag aan jou gee (aktief luister), vertroulikheid handhaaf en altyd beskikbaar is (Stewart, 1996:8-11), kan hulle selfs 'n voorsprong gee as terapeute. Ander ooreenstemmende eienskappe tussen die maatskaplike werker en

geselskapsdiere is dat beide kommunikasie stimuleer, as tussenganger kan toetree, menswaardigheid verhoog, verantwoordelikheid bevorder, eensaamheid verlig, fisies hulp kan verleen, en geleentheid tot katarsis bied (Odendaal, 1988:98).

FOTO 1 Geselskapsdiere is nie inkongruent nie, hou nie 'n bedreiging in met fisiese aanraking nie, gee hul volle aandag en is altyd beskikbaar



Die eienskappe van geselskapsdiere wat deur Stewart (1996:9-11) uitgelig word, word vervolgens verder toegelig:

- ☛ Onvoorwaardelike aanvaarding - “This is the jewel in the animal’s character, and what owners appreciate most of all”. In die oë van die geselskapsdier is die eienaar altyd die meedere en sonder foute.
- ☛ Aanraking - “Touch with an animal has no hidden implications or threatening connotations. It is an innocent, and reciprocal, pleasure”. Diere kommunikeer deur aanraking en hulle gee en ontvang dit met oorgawe.
- ☛ Kommunikasie - Diere is goeie luisteraars: “Their body language, with such unwavering attention and steady eye contact, leads us to believe that they are hanging onto our every word, and hearing and accepting whatever we say...they can neither interrupt us or join in with their ideas. The fact that they may not understand our words does not really matter. They respond to the feelings we give out”.

- ☛ Konfidensialiteit - “Sharing one’s darkest secrets and exposing the shadow side makes one vulnerable to abuse if personal material should be taken elsewhere”. Diere kan nie jou vertrou skok nie.
- ☛ Beskikbaarheid - Die verhouding met 'n geselskapsdier kan ononderbroke plaasvind en sonder afspraak: “In fact it is the ‘nowness’ of relationships with animals that is so satisfying. They drag us into the present because that is the world they inhabit, and that is where their enthusiasm lies”.

Maatskaplike werk is maar een van vele hulpverlenende professies (Potgieter, 1998:11). Die gebruik van geselskapsdiere in die hulpverleningsproses is dus nie uniek aan maatskaplike werk nie. Van die belangrikste eienskappe wat maatskaplike werk onderskei van ander hulpverlenende professies is:

- ☛ die fokus op die persoon in sy totaliteit en binne sy omgewing;
- ☛ klem op die belangrike ander in die persoon se lewe;
- ☛ fokus op die verhoudingslewe van die persoon;
- ☛ klem op sosiale interaksie en gesonde maatskaplike funksionering;
- ☛ benutting van gemeenskapshulpbronne in die proses van hulpverlening;
- ☛ klem op selfhelp en bemagtiging;
- ☛ werk met individue, gesinne, groepe en gemeenskappe;
- ☛ die benutting van supervisie in professionele begeleiding;
- ☛ werk in professionele spanverband;
- ☛ minimum opleidingstandaarde soos voorgehou deur 'n beroepsliggaam; en
- ☛ registrasie by 'n beroepsliggaam en onderhewigheid aan 'n etiese kode (Thackeray, Farley & Skidmore, 1994:8-11).

Die toepassing van mens–dierinteraksie programme kan aan ten minste die eerste sewe van bogenoemde 11 eienskappe gekoppel word.

Omdat maatskaplike werk te make het met die interaksie tussen die mens en sy omgewing, is die hegtheid of band wat daar tussen die mens en relevante ander in sy/haar sisteem is, een van die redes vir die betrokkenheid van die maatskaplike werker by die mens–dierband (Sable, 1995:338). Die maatskaplike werker kan volgens Sable op verskillende vlakke betrokke raak: “If pets are seen as family members and attachment figures, there are implications for intervention, prevention, and social policies...pets can be a vehicle to facilitate awareness of clients’ intimate attachments and attachment behavior, and these should not be misconstrued as overdependency...Another usefulness of pets for social work practice is the discovery of patterns of personality organization and relation to others that may be observable in the pet relationship”. Nie alleen bied mens–dierinteraksieprogramme aan die maatskaplike werker die geleentheid tot fasilitering van die hulpverleningsproses nie, maar kan dit ook waardevolle inligting bied vir assessering en evaluering.

Die doelgerigte gebruik van geselskapsdiere as hulpmiddel tydens terapeutiese intervensie, word in die literatuur na verwys as troeteldiergefasiliteerde terapie (*Pet Facilitated Therapy/Animal Assisted Therapy*). Reyneke (2000:82) beklemtoon in haar studie die rol van geselskapsdiere as effektiewe hulpmiddel, maar waarsku terselfdertyd dat die dier onder geen omstandighede terapie as sodanig kan vervang nie. Die resultate van ‘n ondersoek gedoen deur Odendaal & Meintjes (1999:8) met betrekking tot die fisiologiese waarde van positiewe mens–dierinteraksie, bevestig die waarde van geselskapsdiere vir hierdie doel: “These physiological parameters (neuro-transmitters and hormones) can be used as a rationale for using animals as facilitators in therapy”. Die dier word dus benut as fasiliteerder in die terapeutiese proses en maak deel uit van die totale intervensieprogram. Wat maak die gebruik van geselskapsdiere in die terapeutiese proses so gewild? Beck (1985:366) antwoord hierop soos volg: “In short, it is hard to resist a therapy that is not expensive, part of everyday life, appears to give immediate results, receives a great deal of public attention, and reinforces the interests and beliefs of many of society’s more wealthy and influential citizens”.

Om die lewenskwaliteit van mense te bevorder is, soos vir die meeste hulpverlenende professies, ook die primêre oogmerk van maatskaplike werk (Witskrif vir Welsyn, 1997:16 en Potgieter, 1998:9). Geselskapsdiere kan meehelp om hierdie oogmerk te bereik deurdat: “... they can provide opportunities for attachment and the nurturance of social networks and


social interaction. Pets can uniquely fill a combination of emotional needs, sometimes substituting for an absence of human attachment and at other times expanding the range of relationships and social contacts that add to the pleasures of life and give a feeling of comfort and companionship in times of difficulty” (Sable, 1995:336). Reeds in 1987 het Netting, Wilson & New (1987:63) die rol van geselskapsdiere om die lewenskwaliteit van maatskaplikewerkkliënte te bevorder bevestig: “The social work professional is often searching for ways to improve the quality of life of persons who have overwhelming obstacles to overcome. To those clients who could benefit from an animal companion, a social worker may be able to facilitate a new, or support a long-established relationship, by being sensitive to what is occurring in the field of human-animal bonding and knowing what resources are available”.

Lewenskwaliteit omvat egter veel meer as net die kwaliteit van interpersoonlike verhoudings. Lewenskwaliteit sluit die volgende dimensies in: fisiese gesteldheid wat aspekte soos rus, energie, vitaliteit, funksionele vermoëns en persepsie van gesondheid insluit, algemene lewensvrede, geestes- en emosionele gesteldheid, sosiale aktiwiteite, kognisie, finansiële gesteldheid en rolaktiwiteit (Wilson, 1994:8; Potgieter, 1998:240-241 en Wilson, 1998:xiv). Dit blyk dus dat die mate waarin geselskapsdiere kan bydra tot die lewenskwaliteit van spesifieke teikengroepe, gekoppel behoort te word aan 'n spesifieke dimensie. Dit is onwaarskynlik dat die interaksie tussen mens en dier, bevordering van lewenskwaliteit in alle areas gelyktydig kan bewerkstellig. Ons weet egter dat vanuit 'n sistemiese benadering, verandering in een subsisteem verandering in 'n ander sal stimuleer. 'n Ander belangrike perspektief wat behou moet word is die feit dat daar geïndividualiseer moet word met betrekking tot die mate waarin geselskapsdiere vir verskillende persone tot voordeel kan strek. Elke individu het 'n eie persepsie van lewenskwaliteit en het ook verskillende verwagtings ten opsigte van die mens–dierband. Die bevordering van lewenskwaliteit is egter van toepassing vir alle lewensfasies, teikengroepe en omstandighede. Die bevordering van lewenskwaliteit is ook een die fokusareas vir navorsing soos uitgespel deur die NRF (2000:3).

Vervolgens word die gebruik van mens–dierinteraksieprogramme, soos dit binne die onderskeie diensterreine in maatskaplike werk na vore kom, bespreek. Die indeling van diensterreine in maatskaplike werk word vir doeleindes van hierdie hoofstuk in nege hoofgroepe verdeel, naamlik gesinsorg, bejaardesorg, korrektiewe dienste, kindersorg, gestremdesorg, maatskaplike gesondheidsorg, geestesgesondheidsorg, substans-afhanlikheid en armoede. Hierdie indeling is nie volgens 'n spesifiek erkende klassifikasie in maatskaplike werk gedoen nie, maar volgens die teikengroepe soos dit in die literatuur vir

mens–dierinteraksie na vore gekom het. Dit blyk dat daar ook nie eenvormigheid of eenstemmigheid bestaan ten opsigte van die indeling van gestremdhede nie. Die doel met hierdie hoofstuk is nie om 'n klassifikasie van diensterreine voor te stel nie. Die omvang van die hoofstuk is voorts te beperk om al die toepassingsgebiede van mens–dierinteraksie in die onderskeie diensterreine volledig te bespreek. 'n Skematiese riglyn waarvolgens die rol van mens–dierinteraksie, met behulp van enkele voorbeelde binne elke diensterrein toegelig gaan word, word vervolgens gegee:

FIGUUR 2 Skematiese voorstelling van dienssterreine in maatskaplike werk betrokke by mens-dierinteraksie, togelig met enkele voorbeelde.



3.2. GESINSORG

Die gesin word beskou as die primêre sosiale instelling in die samelewing en word saamgestel uit verskillende familieforme en strukture. Die ideale oogmerk van familielewe is om beskerming, versorging, geborgenheid, sosialisering, liefde en sekuriteit te bied (Witskrif vir Welsyn, 1997:93). Verandering in die makro-omgewing bring ook verandering in familiesisteme teweeg. In die meer tipies westerse samelewing woon meeste gesinne in stedelike gebiede, beide ouers werk en kinders spandeer die grootste deel van die dag aan skoolaktiwiteite wat meebring dat min natuurlike gesinsinteraksie plaasvind. Ekonomiese- en veiligheidsredes dwing meer en meer gesinne na kleiner, ingeslote behuising wat geleentheid tot kontak met die natuur en omgewing beperk. As gevolg van die tekort aan fasiliteite vir bejaardes en gestremdes moet gesinsstrukture aangepas word om hierdie groepe by die normale gesinslewe in te skakel. Die gesinslewe word dikwels ontwig deur verandering veroorsaak deur egskeiding, verhuising, dood, finansiële nood of enige ander verandering in lewensomstandighede. Dit lei tot gevoelens van onsekerheid en onstabiliteit, veral by kinders. Geselskapsdiere kan 'n element van stabiliteit en kontinuïteit in die gesinslewe bied en is dikwels die enigste 'significant other' wat beskikbaar is vir emosionele ondersteuning en gevoelens van sekuriteit en geborgenheid (Bodmer, 1998:238). Geselskapsdiere kan ook gevoelens van eensaamheid, vrees, verveeldheid en spanning verlig by bejaardes en kinders wat alleen tuis moet wees as gevolg van ouers wat voltyds werk (Odendaal, 1988:96-97 en Davis & Juhasz, 1995:81) asook by weduwees wat alleen agtergelaat word (Sable, 1995:337 en Zasloff & Kidd, 1994:13). Die rol van geselskapsdiere in die gesin sal egter afhang van die gesinsamestelling, die emosionele en fisiese gesteldheid van elke lid van die gesin, die sosiale klimaat en tipe behuising (Odendaal, 1988:71, Poresky & Daniels, 1998:236-241 en Albert, 1999:15).

In die gesinsisteem vervul geselskapsdiere die unieke funksie dat hulle in staat is om met elk van die gesinslede individueel 'n verhouding te kan opbou, maar ook met die gesin as geheel. Geselskapsdiere staan objektief en sonder vooroordeel in hierdie verhoudings en kan dus as fasiliteerders vir onder andere gesinskommunikasie, -pret en -aktiwiteite dien. Geselskapsdiere is dus deel van die formele gesinsisteem en dra by tot die homeostase in die gesin. Navorsing deur die American Animal Hospital Association (*Anthrozoös, News & Analyses*, 1995, 8(1):56) onder 1 000 gesinne, het bevestig dat geselskapsdiere beskou word as formele gesinslede en nie bloot 'besittings' nie. (Vergelyk ook Jung, 1993:54&59 en Fogle, 1999:237.)

FOTO 2 **Geselskapsdiere kan gevoelens van eensaamheid, vrees, verveeldheid en spanning verlig by kinders wat alleen tuis moet wees as gevolg van ouers wat voltyds werk**



In haar studie oor die verband tussen geselskapsdiere, gehegtheid en lewenskwaliteit deur die loop van die lewensiklus kom Sable (1995:339) tot die volgende gevolgtrekking: “[The changing landscape of family life will increase the importance of pets as attachment figures for reducing loneliness, giving purpose to life, and providing the comfort of proximity...Pets have a place in our intrinsic desire for close and caring affectional bonds with others](#)”. Hierdie standpunt word ondersteun deur Triebenbacher (1998(b):197) waarin sy sê dat hierdie verandering in die aard en funksionering van gesinsisteme, navorsers sal dwing om meer aandag te gee aan die intrinsieke waarde van geselskapsdiere en hulle rol en funksie in die lewe van sowel volwassenes as kinders.

In-diepte onderhoude en deelnemende waarneming in die ondersoek van Belk (1996:121-145) bied insiggewende voorbeelde van die rol van geselskapsdiere in die daaglikse funksionering van geselekteerde gesinne. Emosionele ondersteuning, humor, gee en ontvang van liefde, onvoorwaardelike aanvaarding, finansiële verantwoordelikheid, trots, deelname aan gesinsrituele en ontspanning is maar enkele van die voorbeelde wat genoem is. Hetsy watter funksie die geselskapsdiere ook al in die gesin, waar positiewe mens-

dierinteraksie teenwoordig is vervul, dra hulle by tot die optimale funksionering van die sisteem op verskeie vlakke.

'n Ondersoek deur Cox (1993:19) na faktore wat gesinsgehegtheid en aanpasbaarheid beïnvloed, het 'n beduidende korrelasie tussen gehegtheid aan die geselskapsdier in die gesin en genoemde eienskappe gevind. Die afleiding kan egter nie gemaak word dat gesinsgehegtheid en aanpasbaarheid deur die teenwoordigheid van geselskapsdiere bevorder word nie. Die moontlikheid bestaan ook dat gesinne wat in hul funksionering en samestelling meer geheg en aanpasbaar is, meer waarskynlik 'n verhouding met 'n geselskapsdier sal aanknoop.

In 'n studie gedoen deur Albert & Bulcroft (1988:543-552) is die sielkundige en emosionele rolle wat deur geselskapsdiere in stedelike huishoudings speel, bepaal. Telefoononderhoude is met 436 ewekansiggekose respondente gevoer. Belangrike bevindings met betrekking tot sosiodemografiese verskille tussen geselskapsdiereienaars en nie-eienaars is gemaak, onder andere dat daar 'n groter teenwoordigheid van geselskapsdiere is by hersaamgestelde gesinne, gesinne waar kinders nog in die huis is en gesinne in die middelfases van die gesinslewensiklus. 'n Kleinere teenwoordigheid van geselskapsdiere kom voor by weduwees, leë nes egpare en gesinne met klein kinders. Gehegtheid aan hul geselskapsdiere is egter hoër by die laasgenoemde groep asook by geskeide persone, nooit getroudes en kinderlose egpare. Sable (1995:337) ondersteun hierdie bevindings deur die volgende opmerking: "[Because pets both give and receive affection, they can be emotional substitutes and contribute to maintaining morale when people are alone or going through difficult periods of transition](#)". Die substituuft funksie van geselskapsdiere word ook deur Belk (1996:125) en Beck & Meyers (1996:248) uitgewys.

'n Interessante bevinding is deur Wagstaff (1993:13) gemaak naamlik dat mense wat 'n positiewe en simpatieke houding teenoor ander mense openbaar, soortgelyke houding teenoor diere het, en Barker & Barker (1989:56) het met behulp van die 'Family Life Space Diagram' vasgestel dat die mens–dierverhoudings in die gesin net so heg as enige ander verhouding in die gesinsisteem is. Dit blyk dus dat daar 'n korrelasie kan wees tussen interpersoonlike verhoudings en mens–dierinteraksie wat as waardevolle kriteria tydens assessering van 'n gesinsisteem benut kan word.

Die korrelasie tussen gesinsgeweld en dieremishandeling is reeds in Hoofstuk 2 bespreek. Die geselskapsdier vorm deel van die gesinsisteem en geweld kan beskou word as 'n gesinsprobleem. In 'n studie gedoen met 53 gesinne waarin geweld teenoor kinders

voorgekom het, is dieremishandeling in 88% daarvan waargeneem (Arkow, 1992:519). In die gesinsisteem waar geweld voorkom, is almal ewe kwesbaar: “*In short, in violent homes, both two-and four-legged members of the family are vulnerable to victimization. Animal abuse is often one of the earliest signs of an individual or a family in trouble*” (Arkow, 1998:2). Hierdie verskynsel word bevestig en breedvoerig omskryf in 'n multidisiplinêre handleiding getiteld, 'Child abuse, domestic violence, and animal abuse: linking the circles of compassion for prevention and intervention' (Ascione & Arkow, 1999). Dieremishandeling behoort dus as nog 'n vorm van gesinsgeweld geklassifiseer te word. Omdat daar so 'n hoë korrelasie tussen gesinsgeweld en dieremishandeling bestaan, behoort waarnemings en inligting rakende die hantering van en geskiedenis van diere in die gesinsisteem ten alle tye deel van 'n ondersoek te wees. Samewerking tussen dissiplines kan hierdie kultuur van geweld aanspreek en die siklus van geweld breek (Boat, 1995:232 & Arkow, 1996:31-32). Mens-dierinteraksie kan dus verskillende funksies vervul in die hulpverlening aan gesinne.

Ongeag die toegepaste terapeutiese waarde van geselskapsdiere in gesinsverband, blyk dit dat die gewildheid van diere in normale, goedgesosialiseerde en emosioneel stabiele gesinsisteme ook in populariteit toeneem (Swabe, 1999:160). Geselskapsdiere vervul dus ook 'n belangrike rol ten opsigte van die gesonde maatskaplike funksionering van gesinne.

3.3. BEJAARDESORG

Bejaardheid kan nie sondermeer as lewensfase geëtiketteer word nie. Indien hierdie lewensfase aan 'n spesifieke ouderdom gekoppel word, byvoorbeeld 65 jaar en ouer, kan dit nog verder groepeer word in ekonomies aktiewe bejaardes, selfversorgende bejaardes, geïnternaliseerde bejaardes ensomeer. Die behoeftes van die verskillende groepe, en dus ook die terapeutiese- en ontwikkelingswaarde wat geselskapsdiere kan hê, of die funksies wat hulle kan vervul, sal verskil. Demografiese verskuiwings dui daarop dat die hoeveelheid bejaardes toeneem en daarmee saam neem die aard en omvang van hul behoeftes en die vraag na lewenskwaliteit toe (Lapp, 1991:72; Keil, 1998:124). Die Witskrif vir Welsyn (1997:70) voorspel 'n totaal van 3,4 miljoen bejaarde persone teen 2015, maar na beraming sal die huidige 2,8 miljoen ouer persone in Suid-Afrika in die volgende 20 jaar vermeerder tot meer as 5 miljoen (Eckley, 1999:11). Vanuit statistiese gegewens van die VSA (Siegel, 1993:158) en Thackeray *et al.* (1994:254) blyk dit dat meer as 26 miljoen bejaardes bo die ouderdom van 65 nie geïnternaliseerd is nie, waarvan ongeveer een derde alleen woon. Ongeveer een derde van alle bejaardes leef met geselskapsdiere. Die omvang van hierdie teikengroep is dus groot, en verdien spesiale aandag.

Die lewe van 'n bejaarde persoon is dikwels eensaam, vervelig, pynvol of passief, om maar enkele van die realiteite van bejaardheid te noem. Hierdie is 'n lewensfase wat gekonfronteer word met die vraag na die sin van die lewe. Die lewenskwaliteit van bejaarde persone in 'n vinnig ontwikkelende, moderne samelewing word bedreig. Meeste belangrike ander persone in die bejaarde se sisteem is so opgeneem in hul eie lewensomstandighede dat tyd om te luister, praat en aandag te gee, beperk is. Bejaardes word verder gekonfronteer met gereelde verliese. Verlies aan inkomste, eggenoot, familie, vriende, bekende omgewing, huis en selfs ook geselskapsdiere. Die rol wat geselskapsdiere as betekenisvolle 'ander' in die lewe van bejaardes speel word soos volg beskryf: "(1) The pet is an integral part of who the informants are. (2) Pet-owning can enhance or detract from relationships with other human beings. (3) The pet is a 'significant other' in the daily lives of the informants" (Shulman, 1993:17). Die rol van positiewe emosionele bande vir die gesonde maatskaplike funksionering, speel 'n deurslaggewende rol in die lewenskwaliteit en toekomsvisie van bejaardes.

Shulman (1993:17) ondersteun die rol van geselskapsdiere as betekenisvolle 'ander' verder deur: "For the elderly, the maintenance of ties enhances feelings of self-worth and social integration. At a time when society is discovering the inadequacy of services to the elderly due to such factors as: the high cost of health care, federal deficits that have led to formal service cutbacks to the elderly, along with the ever growing population of elderly persons; it behoves social scientists to rediscover the important role of the elderly's informal social support system ... family, friends, neighbours, and pets". Die scenario wat hier deur die outeur geskets word stem tot 'n groot mate ooreen met wat die situasie tans in Suid-Afrika is (Du Preez, 1999:32). Om die bejaarde dus vir solank moonlik selfstandig te laat funksioneer en premature institusionalisering te voorkom, sal alle moonlike ondersteuningsisteme benut moet word en 'n holistiese benadering tot hulpverlening word bepleit.

Enkele van die strategiëe wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Bejaardes voorgestel is vir die effektiewe hantering en optimale benutting van bejaarde persone in die samelewing sluit in: Die aanmoediging van aktiewe en gesonde lewenstyle, die ontginning van nuwe versorgingsmodelle wat lewenskwaliteit bevorder, die daarstelling van versorgingsbronne wat unieke behoeftes in ag neem, groter begrip vir die diversiteit van behoeftes en belangstellings van verskillende groepe, die bevordering van selfhelp en onafhanklikheid (Eckley, 1999:9-11). Hierdie strategiëe spruit voort uit die 'Declaration of the rights of the elderly' (Keryx, 2000:23). Uit die besprekings wat volg sal dit duidelik blyk dat die

bevordering van positiewe mens–dierinteraksie kan meehelp in die implementering van hierdie strategie.

FOTO 3 Honde-eienaars neem meer dagstappies as nie honde-eienaars en is minder ontevrede met hul sosiale, fisiese en emosionele gesteldheid



Volgens Cusack en Smith (1984:Hoofstuk 3) lê die belangrikste waarde van geselskapsdiere vir bejaardes daarin dat hulle selfvertroue en 'n gevoel van veiligheid skep, help met realiteitsoriëntering, selfversorging stimuleer deur die versorging van die geselskapsdiere, humor stimuleer en as sosiale katalisator dien. Die volgende voordele word deur Odendaal (1988:80-81), Behling (1993:176) en Taylor, Maser, Yee & Gonzalez (1994:15) uitgelig: Die tyd wat bejaardes aan geselskapsdiere spandeer verminder die druk op versorgingspersoneel, geselskapsdiere tree op as agente vir fisiese en psigiese stimulasie, positiewe interaksie verlig eensaamheid, depressie en verveeldheid, kommunikasie en humor word gestimuleer asook selfversorging. Verligting van eensaamheid by enkelopende bejaardes word ook deur Ramnath (1993:18), Fraser (1994:13) en Roberts *et al.* (1996:64) bevestig, maar Jewiss (1994:14) kon nie 'n beduidende korrelasie tussen eensaamheid en geselskapsdiereienaarskap by bejaardes vind nie. Nog voordele van geselskapsdiere vir bejaardes as teikengroep word deur Lago, Connell & Knight (1986:34-39) en Walster (1982:17-18) uitgewys, naamlik dat interaksie met diere spieronus verbeter, sosiale aktiwiteite stimuleer, algemene moraal verhoog, empatie en liefde vir ander bevorder en eiewaarde verhoog. In 'n studie deur Rogers, Hart & Boltz (1993:18) is bevind dat honde-eienaars tweemaal meer dagstappies neem as nie honde-eienaars en dat eersgenoemde

groep ook beduidend minder ontevrede was met hul sosiale, fisiese en emosionele gesteldheid.

FOTO 4 Die teenwoordigheid van geselskapsdiere verhoog betrokkenheid van bejaardes by hul sosiale omgewing



'n Studie gedoen in 233 inrigtings vir bejaardes in Illinois, VSA, wat reeds van mens-dierinteraksieprogramme gebruik maak (Behling, 1993:7), het 85% aangetoon dat die programme 'n sielkundige voordeel vir die betrokkenes inhou en 66% het aangedui dat dit 'n fisiese voordeel inhou. Die belangrikste voordele wat genoem is, is die toename in sosiale interaksie en kommunikasie tussen die inwoners. Toename in betrokkenheid van bejaardes by hul sosiale omgewing in die teenwoordigheid van 'n geselskapsdier is ook in die studie deur Taylor *et al.* (1994:15) genoem. 'n Nadeel wat dikwels genoem word, is die tyd wat van personeel opgeneem word om die programme te implementeer. Indien die programme egter in spanverband aangebied word en ook vrywilligers betrek, kan dit op die langer termyn weer werklading verlig.

Resultate van 'n geselskapsdierbesoekprogram by bejaardes wat tuisgebonde is, het 'n toename in fisiologiese en psigososiale welstand gemeet. Dieselfde ondersoek het ook getoon dat vrywillige werkers wat aan die program deelgeneem het meer bevrediging daaruit gekry het en spontaan die tyd wat aan die bejaardes gewy is, vermeerder het (Harris &

Gellin, 1994:5). Geselskapsdiere dien dus as fasiliteerders vir die vorming en instandhouding van verhoudings.

Die waarde van geselskapsdiere vir bejaardes hou verband met verskeie faktore: "...the ability of an older adult to form a companion bond with an animal, and perhaps gain some benefit as a result of it, depends on.....life course events associated with animals, previous attitudes and attachments to pets, health status, housing situation, amount of time spent with a pet, and socio economic status" (Boldt & Dellmann-Jenkins, 1994:13). Die studie gedoen deur Keil (1998:129) sluit hierby aan deurdat die resultate toon dat: "... those participants who were older, reported lower incomes, lack of transportation, and poor health; and had never been married were significantly more likely to be attached to their animals", en die gevolgtrekking is gemaak dat geselskapsdiere: "... became supplementary attachment figures for older adults who had the least resources to satisfy their needs".

Dit sou onrealisties wees om te verwag dat geselskapsdiere sonder meer aan alle bejaarde persone beskikbaar gestel moet word, veral in tye van finansiële beperkings op welsynsbegrotings. 'n Meer werkbare strategie sal wees om wetgewing en regulasies wat geselskapsdiereienaarskap en toegang deur middel van besoekprogramme in staats- en privaatbehuising vir bejaardes strem, te beïnvloed. Siegel (1993:166) is van mening dat veral gemeenskaps- en vrywillige organisasies 'n konstruktiewe rol in die fasilitering van die proses kan speel. Die Verenigde Nasies het die Internasionale Jaar van Ouerpersone verleng na die Dekade van Ouerpersone (Welfare Update, 2000:10). Maatskaplike werkers kan hierdie geleentheid benut om kreatiewe en alternatiewe intervensiestrategieë te implementeer wat kan bydra tot die lewenskwaliteit van bejaardes.

3.4. KORREKTIEWE DIENSTE

Die rol van die maatskaplike werker in korrektiewe dienste is om hulpverlening aan die oortreder te bied. Die doel is om deur middel van rehabilitasie, houding en gedrag te verander, en verhoudings te herstel sodat die persoon positief by die gemeenskap geïntegreer kan word en so die siklus van misdaad te probeer verbreek. (Vergelyk ook Thackeray *et al.*, 1994:217-219.)

Die doelbewuste benutting van geselskapsdiere in korrektiewe dienste, veral in die VSA, Kanada, Brittanje en Australië is wyd gedokumenteer (Cooper, 1994:5; Dalphonse, 1994:5; Granger, Linnabary & New, 1993:18; Odendaal, 1988:85; Walsh & Merton, 1994:126-127; Whyhan & Ormerod, 1994:25). Alhoewel geselskapsdiere in sommige Suid-Afrikaanse gevangenis toegeelaat word, die bekendste hiervan by die Pollsmoor Gevangenis in Tokai (Pearson, 2000:73-75), is die doelbewuste benutting van mens-dierinteraksieprogramme nog nie in dieselfde mate gedokumenteer nie. Die voëlprojek wat by Pollsmoor Gevangenis sedert 1998 aangebied word, is baie suksesvol en het reeds internasionale erkenning in die media ontvang. Enkele opmerkings wat deur gevangenes, wat sedert die implementering van die projek daaraan deelneem gemaak is, is deur Van der Merwe (2000(a):4) gepubliseer:

- ☛ Gevangene A (skuldig bevind aan moord en poging tot moord): “...the birds have brought about a complete change in me. I have found something to love...When I get out of here I want to throw my weight behind the message that all life, man or animal, is precious”.
- ☛ Gevangene B (skuldig bevind aan huisbraak en diefstal): “It’s changed my life...When I see the little birds, I see Love. I can give love to the birds and through the birds I receive God’s love”.
- ☛ Gevangene C (skuldig bevind aan verkragting): “The Lord came to me through these birds...I found peace and quiet for the first time in my life”.

FOTO 5 Die versorging van geselskapsdiere leer die gevangene respek vir lewe



Die oorspronklike doel met mens–dierinteraksieprogramme binne korrektiewe dienste was om aan gevangenes vaardighede aan te leer en hul sodoende te bemagtig vir herintegrasie in die gemeenskap. Gehoorsaamheidsopleiding vir honde, die opleiding van dienshonde, werk in dierebeskermings- of versorgingsplekke, voorbereiding van diere vir skoue, assistente in diereklinieke, staljongens en teel van geselskapsdiere is maar enkele voorbeelde hiervan. Van die eerste gedokumenteerde programme met vaardigheidsopleiding ten doel is in 1981 by die Purdy Behandelingssentrum in Washington en die Lorton Gevangenis in Virginia bekendgestel (Odendaal, 1988:86-87).

Die sosiale en sielkundige voordele van positiewe interaksie met geselskapsdiere het gou geblyk uit die vaardigheidsprogramme. 'n Vergelykende studie wat in 1984 by die Lima Staatshospitaal vir geestesgestremde oortreders gedoen is, het 'n afname in medikasievlakke, afname in voorvalle van oproerigheid en minder selfmoordpogings by die eksperimentele groep getoon. Die oorspronklike doel met die program was om gevangenes se selfbeeld te verbeter, onbedreigde en nie-veroordelende liefde te voorsien, verantwoordelikheid ten opsigte van versorging te kweek, afwisseling in roetine en geselskap te bied (Odendaal, 1988:85). By die Northfield Prison Complex in Australië is 'n loodsstudie onderneem om die effek van interaksie met honde op vrouegevangenes te bepaal. Daar is bevind dat deelname aan die program 'n positiewe effek op die eiewaarde van die deelnemers gehad het en 'n afname in depressie teweeggebring het. Deelnemers het ook opgemerk dat deelname aan die program hulle die geleentheid gebied het om eie

inisiatief te gebruik, om tyd buite die hoofstroomaktiwiteite van die gevangenis deur te bring, om verveeldheid te verlig, om fisies aktief te wees en om kontak na buite te maak (Walsh & Mertin, 1994:126&127). By 'n jeuggevangenis in die VSA (Granger, Linnabary & New, 1993:18) is 'n program geïmplementeer waar die gevangenes moes omsien na die grootmaak van kalfies. Daar is bevind dat die jeugdige se selfwaarde verhoog is deurdat hulle die geleentheid gebied is om verantwoordlikheid te kan neem. Soortgelyke programme word aangebied by die Burnaby Correctional Centre vir Vroue in Vancouver, Kanada (Cooper, 1994:5), die District of Columbia Prison in Lorton, Virginia (Dalphonse, 1994:5), en die Garth Prison in Lancashire, Brittanje (Whyham & Ormerod, 1994:25). 'n Interessante artikel oor die rol van diere tydens die Franse Revolusie (MacDonogh, 1996:36-43) wys egter op 'n teenoorgestelde doel. In hierdie tyd is geselskapsdiere saam met hul eienaars as vorm van straf opgesluit. Alhoewel dit waarskynlik vir die eienaars 'n mate van troos gebied het, het die feit dat daar nie na die diere se welstand omgesien is nie, gesondheidsrisiko's vir die gevangenes ingehou. Wreedheid teenoor die diere deur gevangenispersoneel en medegevangenes het ook algemeen voorgekom.

FOTO 6 Die positiewe interaksie met geselskapsdiere bevorder die gevangenes se eiewaarde en selfrespek



Die benutting van geselskapsdiere binne korrektiewe dienste, bied nie net voordele aan die gevangenes nie, maar kan ook 'n belangrike rol in die rehabilitasie en welsyn van diere speel en op die manier word gemeenskapsdiens bevorder. Whyham & Ormerod (1994:25) gee die volgende voorbeelde hiervan:

- ☛ instandhoudingswerk deur mans van die Littleley Gevangenis by die Woodgreen Dierbeskermingsinstansie in Engeland;
- ☛ mans van die Ford Gevangenis wat omsien na beseerde voëls by 'n natuurreserveaat; en
- ☛ 'n roofvoëlsentrum by die Peterhead Gevangenis in Skotland.

Deur 'n bydrae te lewer tot die welsyn van die gemeenskap, bied aan gevangenes die geleentheid om weer vertroue en respek van die gemeenskap terug te win en op die manier herintegrasie te vergemaklik.

Van die belangrikste redes waarom geselskapsdiere so suksesvol in die rehabilitasie-programme aangewend word, is waarskynlik vanweë die geselskapsdier se vermoë om 'n nie-bedreigende, nie-veroordelende verhouding aan te knoop. Geselskapsdiere dra nie kennis van jou verlede nie, dien as 'n rolmodel en vertroueling en is in staat om 'n toekomsvisie te bied sonder bagasie uit die verlede. Die positiewe interaksie met geselskapsdiere bevorder die gevangenes se eiewaarde en selfrespek; belangrike

3.5. KINDERSORG

Kindersorg omvat 'n wye spektrum van dienste: “The comprehensive program of child welfare services consists of efforts to promote the physical, mental, and social well-being of all children and youth.... Child welfare services include provisions for children in their own homes, in substitute family homes, and in many institutions” (Thackeray *et al.*, 1994:197). Die Witskrif vir Welsyn (1997:58) sluit hierby aan en beklemtoon veral die rol van die gesinsisteem in die gesonde maatskaplike funksionering van kinders: “The well-being of children depends on the ability of families to function effectively. Because children are vulnerable they need to grow up in a nurturing and secure family that can ensure their survival, development, protection and participation in family and social life”. Kinders word groot in 'n verskeidenheid van familiestrukture, en binne elk van hierdie gesinsstrukture ervaar hulle verskillende behoeftes en waardes en vervul hulle verskillende rolle en funksies. Geselskapsdiere as deel van die gesinsisteem of ander versorgingsisteem kan aan sekere van die kind se sosiale, sielkundige en emosionele behoeftes voorsien.

Die voordele van geselskapsdiere in die ontwikkelingsproses van kinders is reeds wyd bestudeer vanuit sowel die opvoedkunde as sielkunde. In 'n ondersoek deur Rost & Hartmann (1994:247) onder 428 graad 4 leerlinge is die volgende response verkry:

- ☛ 66% het gesê dat hulle daarvan hou om met hulle diere te praat, mee te speel of dat hulle daagliks affeksie teenoor hulle toon;
- ☛ 79% het gesê hulle verkies die geselskap van hul diere as hulle hartseer is;
- ☛ 69% dat hulle hul geheime met hulle deel;
- ☛ 94% dat hulle die diere as uitsonderlike goeie vriende beskou; en
- ☛ 48% dat hulle die geselskap van hul diere verkies bo die van ander maats.

Die resultate van 'n ondersoek deur Triebenbacher (1998(b):197) korreleer met bogenoemde. Sy maak die gevolgtrekking dat: “...pets offer emotional support, affection, and unconditional love and appear to play an important role in children’s emotional well-being in ways similar to transitional objects”.

Resultate van ondersoeke deur onder andere Stevens (1990:177-183), Poresky & Hendrix (1990:53), Sloan (1994:114-118), Poresky (1996:159), Myers (1998:1-208) en Vidovic, Stetic & Bratco (1999:211-217) dui op 'n positiewe korrelasie tussen geselskapsdiereienaarskap en die ontwikkelingsproses van kinders asook hul vermoë tot empatie. Positiewe mens-dierinteraksie het veral waarde vir die ontwikkeling van die kind in die vroeë- en middelkinderjare. Hierdie is ook die teikengroepe wat in Suid-Afrika as prioriteit gestel word. Dit word bereken dat ongeveer 10 miljoen kinders tot op die ouderdom van 9 jaar ernstige ontwikkelingsagterstande het (Witskrif vir Welsyn, 1997:59). Daar moet nie net op die individuele voordele van mens-dierinteraksie gefokus word nie, maar ook op die voordele wat dit kan inhou vir groepsgedrag: “A group in Miami has described...how their use of animals in the classrooms of inner city communities has dramatically reduced pupil truancy rates and increased scores on standardized tests” (Rowan & Beck, 1994:86). Salomon, Comeau & Bonin (1989) en Endenburg & Baarda (1995:7-17) beklemtoon ook die waarde van positiewe mens-dierinteraksie in die bevordering van sosiale interaksie en positiewe portuurgroepverhoudings by skoolkinders.

FOTO 7 Positiewe mens–dierinteraksie het veral waarde vir die ontwikkeling van die kind in die vroeë- en middelkinderjare



Die onvoorwaardelike liefde en aanvaarding en gevoel van sekuriteit wat deur die mens–dierband oorgedra word, is bevorderlik vir die kind se gevoel van eiewaarde, positiewe selfgating en sosiale interaksie (Beck & Meyers, 1996:249 en Triebenbacher, 1998(a):136). Veral in die preadolesente fase bied die empatiese en komplimentêre vriendskap van die geselskapsdier (Davis & Juhasz, 1995:81), die emosionele ondersteuning wat in ander verhoudings op hierdie stadium mag ontbreek. Om betrokke te wees by die versorging van die dier bevorder verantwoordelikheid (Davis & Juhasz, 1995:81) sonder die risiko van kritiek of verleentheid wat vir die adolessent se gevoel van eiewaarde so belangrik is. Kidd & Kidd (1985:15) stel positiewe mens–dierinteraksie as ‘n veilige oefenveld en geleentheid tot die ontwikkeling van lewensvaardighede: “[Pets may be a sounding board for children to express their fears, anger, joy, and states of confusion. Animal companions may be part of a temporary system in which an individual practices different attitudes, values and behaviors before displaying them to the real world](#)”. Indien kinders reeds vanaf ‘n jong ouderdom

blootgestel word aan positiewe mens–dierinteraksie, kan dit bydra tot verantwoordlike geselskapsdierereienaarskap, empatie en respek vir sowel mense as diere in hul latere lewe.

Die gesin kan dien as laboratorium vir die aanleer van positiewe gesindhede en gedrag teenoor ander. Serpell en Paul (1994:141) is van mening dat: “For many children, companion animals are almost the equivalent of adopted siblings, and it is difficult to imagine how such early and significant familial bonds could fail to engender at least some sense of affinity or kinship with other nonhuman species”. Modelling in die gesin speel dus 'n belangrike rol in die aanleer van respek, empatie en verantwoordelikheid teenoor mense, diere en die omgewing.

Kinders spandeer dikwels meer tyd saam met hul diere as met hul ouers (veral die pa's) en lede van die uitgebreide familie. Geselskapsdiere is dus vir die kind 'n onlosmaaklike deel van die gesinsisteem en van die groter omgewing: “Throughout the world, companion animals and children live together, each developing and changing, together part of a family system, which, in turn, is embedded in the multiple environments of neighborhood, community, and society” (Melson, 1998:220). Indien hierdie familiestrukture ontwig word deur dood, egskeiding of ander prosesse kan geselskapsdiere 'n belangrike stabiliserende effek op die kind hê: “Family processes, not the family structure, are most relevant for the children's and adolescents' well-being...owning a pet could have a positive or moderating effect on adolescents' well-being and on their lack of familial resources” (Melson, 1998:245).

Enkelouergesinne en eenkindgesinne is 'n algemene verskynsel in die samelewing vandag. Afwesige ouers is die gevolg van sowel ekonomiese redes as gebroke verhoudings, terwyl kleiner gesinne 'n tendens in die Westerse kultuur geword het, veral onder die middel- tot hoër sosio-ekonomiese groepe. Albei hierdie gesinstipes het 'n invloed op die emosionele en psigiese ontwikkeling van die kind. Geselskapsdiere kan 'n belangrike substituuftfunksie vervul in die kleiner of onvolledige gesinsisteem in die sin dat hulle geselskap ('companionship') bied, 'n gevoel van veiligheid skep, 'n speelmaat kan wees en dus oor die algemeen eensaamheid kan verlig. In 'n studie gedoen deur Melson, Peet & Sparks (1993:15) is bevind dat die gehegtheid aan geselskapsdiere by kinders wie se moeders werk, hoër is. Die geselskapsdier kan nie die versorgingsrol van die moeder vervul nie, maar kan wel emosionele nabyheid en selfs stimulering van aktiwiteite bied. In die afwesigheid van die moeder sal die kind waarskynlik ook 'n groter rol ten opsigte van die versorging van die geselskapsdier inneem (Hart, 1993:149) wat verantwoordelikhedsin teenoor en fisiese kontak met die dier bevorder.

FOTO 8 **Geselskapsdiere kan 'n belangrike substituuftfunksie vervul in die kleiner of onvolledige gesinsisteam in die sin dat hulle geselskap bied, 'n gevoel van veiligheid skep, 'n speelmaat kan wees en dus oor die algemeen eensaamheid kan verlig**



Kindermishandeling en -verwaarlosing vind binne die gesinsisteam plaas en die omvang van geweld teenoor kinders in Suid-Afrika is omvangryk. In 1996 het alleen die Kinderbeskermingseenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens 35 838 sake van misdaad teen kinders hanteer en Kindersorgverenigings het in 1998 gemiddeld 9 398 sake per maand hanteer (Mabetoa, 1998:10). (Vergelyk ook die Witskrif vir Welsyn, 1997:60.) Geweld in die vorm van fisiese mishandeling en seksuele molestering maak 23% van hierdie sake uit. Die positiewe identifisering van kindermishandeling is dikwels baie moeilik omdat die kind sal poog om homself en selfs die gesinsisteam te beskerm. 'n Hoë korrelasie (88%), bestaan tussen gesinsgeweld en dieremishandeling (Arkow, 1992:519 en Arkow, 1998:2). Die maatskaplike werker wat bewus is van die korrelasie tussen gesinsgeweld en geweld teenoor diere kan deur eksplorering van die mens–dierband toegang kry tot die aard van

ander verhoudings in die gesinsisteem: “Children may suffer from shame, guilt, and threats by parents and be unwilling or unable to talk about child abuse, but often feel free to discuss how family pets are treated” (Arkow, 1994:1005). Diere kan ook as sondebok in die geweldsisteem misbruik word: “Abusive adults have been described as killing children’s pets to secure the child’s silence or acquiescence to sexual or ritual abuse. Children also have been reported as killing their own pets, to prevent the abusing adult from doing so, or as dress rehearsals for their own suicide” (Arkow, 1994:1005). Kinders wat aan gesinsgeweld blootgestel is, sal dikwels daarvoor swyg uit vrees vir verwydering, en onsekerheid oor die veiligheid van ander gesinslede en diere wat moet agterbly.

Tydens spelterapeutiese intervensie kan 'n geselskapsdier as hulpmiddel aangewend word en op dié wyse as fasiliteerder in die proses optree. Reyneke (2000:82-84) wys op die volgende voordele in die benutting van geselskapsdiere vir hierdie doel:

- ☛ Die dier dien as brug tussen die kind en die terapeut wat kommunikasie vergemaklik en die vestiging van 'n vertrouensverhouding bespoedig.
- ☛ Die terapeut kan vinniger met dieperliggende emosies van die kind werk.
- ☛ Die kind kan die dier benut om kontak te verbreek met die terapeut wanneer daar té vinnig, té na aan die kind beweeg word. Dit bied aan die kind die geleentheid om sy gestalt weer in balans te kry en die tempo van terapie aan te dui.
- ☛ Die dier dien deurlopend as bron van aanraking, betrokkenheid en liefde binne 'n verhouding wat geen eise stel nie en onvoorwaardelik aanvaarding bied.
- ☛ Die dier dien as skakel met die natuur deur spelenderwys geleentheid te skep vir proe, voel, hoor ruik en tas. Sensoriese bewustheid word dus gestimuleer wat die kind help om in kontak met sy innerlike proses en emosies te kom.
- ☛ Die dier gee aan die kind beheer terug. Dit versterk sy/haar ego-kragte en moedig emosionele beheer aan wat sosiaal aanvaarbare gedrag bevorder.
- ☛ Die fisieke oefening wat deur mens–dierinteraksie gestimuleer word, lei die kind se aandag weg van spanningsvolle situasies en bied geleentheid om ontslae te raak van oormatige emosionele en fisiese energie.

- ☛ Die blote teenwoordigheid van die dier tydens 'n eerste kontak verminder angs en dien as aandagafleier.
- ☛ Deurdat die kind met die dier identifiseer, kan gevoelens van alleenheid en bangheid geprojekteer word wat aan die kind die nodige ondersteuning en aanmoediging gee om sy/haar emosies te besit en te verwoord.

Geselskapsdiere word ook in speltherapie sessies met die gemolesteerde kind gebruik om as fasiliteerders in die proses van openbaarmaking en katarsis te dien (Reichert, 1998:177-185). Reyneke (2000:85-86) wys egter op belangrike voorwaardes vir die gebruik van geselskapsdiere as hulpmiddels in terapie. Spesifieke terapeutiese doelwitte kan alleenlik bereik word indien mens-dierinteraksieprogramme doelgerig, verantwoordelik en binne die bestaande kennisraamwerk van hierdie studieveld aangewend word.

Wreedheid van kinders teenoor diere kan ook as aanmeldingsprobleem vir speltherapie gestel word. Die redes vir hierdie vorm van afwykende gedrag van kinders is kompleks en veelvuldig. Dit kan wees om in beheer te wil voel, aggressie te verplaas, te skok, aandag te trek, weerstand te toon of 'n uitlaatklep vir frustrasie te hê, asook as gevolg van 'n negatiewe modellering en gebrek aan monitering van toepaslike gedrag teenoor diere in die gesin of negatiewe portuurgroep beïnvloeding (Odendaal, 1988:89 & Boat, 1995:230). Die wreedheid teenoor die dier kan dui op sowel die dinamiek binne die gesin as op die persoonlikheidsamestelling van die kind, albei belangrike kriteria vir assessering deur 'n terapeut. Wreedheid van kinders teenoor diere kan ook 'n vroeë aanduiding wees van potensiële wreedheid teenoor mense in 'n latere lewensfase (Beck & Meyers, 1996:252). Die filosoof/teoloog Albert Schweizer het dit só gestel: "[Anyone who has accustomed himself to regard the life of any living creature as worthless, is in danger of arriving also at the idea of worthless human live](#)". Indien die spelterapeut van hierdie korrelasies bewus is, kan intervensie belangrike voorkomings- en reabilitasiewaarde hê vir sowel die welsyn van die kinders as vir diere.

Aggressie en ander vorms van anti-sosiale gedrag by kinders is dikwels die resultaat van die kind se emosionele en psigiese gesteldheid. Hierdie gedrag kan lei tot verwerping van die kind deur veral sy/haar portuurgroep en negatiewe beoordeling deur volwassenes wat op hul beurt weer die kind se selfkonsep negatief beïnvloed. Die nie-veroordelende houding van 'n geselskapsdier kan positief benut word in die terapeutiese proses met die kind. Om hierby aan te sluit verwys Rowan & Beck (1994:86) na 'n persoonlike gesprek met Aaron Katcher waarin hy dit stel dat: "[...work with disturbed children at the Deveraux School in](#)

Pennsylvania indicates that animals can have profound positive effects on children who have become trapped in a cycle of antisocial and violent behavior". In 'n kruiskorrelatiewe studie gedoen deur Katcher & Wilkens (1998:193-204), is bevind dat 'n mens-dierinteraksieprogram langtermyn terapeutiese waarde vir kinders en adolessente met gedragsprobleme en ernstige aandagspantekort het.

Hospitalisasie is 'n traumatiese belewenis vir die kind en 'n verdere toepassingsgebied vir mens-dierinteraksie. Bernard (1995:93) dokumenteer die waarde van die gebruik van honde by die kinderpasiënt as sy sê dat: "Not only has the presence of the animals calmed the fears of many of our younger patients, they seem to enjoy talking to them and knowing their secrets are very safe". Teeter (1997:1435) stel dit dat 'n besoekprogram die kind en die familie help om die pyn en trauma te minimaliseer, 'n meer normale lewenspatroon te handhaaf en geleentheid te bied tot positiewe ervarings wat belangrik is vir die kind se emosionele ontwikkeling. Hospitalisering is nie alleen as gevolg van die pyn en ongemak wat daarmee gepaard gaan nie, maar ook as gevolg van die tydelike verbreking van gesinsbande en die onnatuurlike omgewing, 'n traumatiese belewenis. Hospitalisering gaan ook dikwels gepaard met kontak met verskillende lede van die multidisiplinêre span wat vir die kind bedreigend mag wees. Geselskapsdiere kan 'n verskeidenheid funksies vervul vir die gehospitaliseerde kind, onder andere om as brug tussen terapeut en kind te dien, om afleiding te bied en om 'n meer gemaklike en natuurlike atmosfeer te skep.

Melson (1998:234) is van mening dat daar in die navorsing nou weg beweeg kan word van die vraag na watter invloed geselskapsdiere op die ontwikkeling van die kind het na die vraag: Watter aspekte van ontwikkeling kan vir watter kinders onder watter omstandighede deur geselskapsdiere beïnvloed word? Om by die terapeutiese waarde van geselskapsdiere aan te sluit, kan dieselfde vraag herformuleer word na: Met watter terapeutiese doel sal watter soort geselskapsdierprogram vir watter spesifieke behoeftes van die kind in nood aangewend kan word?

Dit blyk dat positiewe mens-dierinteraksie verskillende behoeftes van kinders in verskillende ouderdomsgroepe en onder verskillende omstandighede kan bevredig. Deeglike assessering van die situasie moet deur die maatskaplike werker onderneem word om te verseker dat die benutting van geselskapsdiere 'n spesifieke doel voor oë het, en dat sowel die welsyn van die kind as dié van die geselskapsdiere daardeur bevorder word.

3.6. GESTREMDESORG

Geselskapsdiere word vir verskillende teikengroepe van fisiesgestremde persone aangewend waarvan gidshonde vir blindes ('guide dogs') waarskynlik die bekendste is. Dienshonde vir gestremdes ('service dogs') en honde vir gehoorgestremdes ('hearing dogs') neem in gewildheid toe (Valentine, Kiddoo & LaFleur, 1993:109-125, Miura, Tanida & Bradshaw, 1998:105-108 en Duncan, 2000:10-11). Die waarde van seinhonde ('seizure alert dogs') (Edney, 1993:5) word ook al meer besef.

Van die belangrikste behoeftes van persone met gestremdheid is die van aanvaarding en respek, fisiese en emosionele interaksie, ondersteuning, onafhanklikheid, kommunikasie en sosialisering, om maar enkeles te noem. Die nie-veroordelende, stimulerende, nie-verdedigende houding van geselskapsdiere en hul vermoë om kontak te maak en liefde en bewondering te wys, kan in van hierdie behoeftes voldoen (Guest, 1994:22 & Woods, 1994:16). 'n Groot mate van onkunde oor en diskriminasie teen gestremde persone bestaan steeds wat dit vir die hulpverlenende professies moeilik maak om aan gestremdes hul regmatige plek in die samelewing te beding. Wat die benutting van geselskapsdiere vir hierdie teikengroep so waardevol maak lê veral in die vermoë van geselskapsdiere om onvoorwaardelik te aanvaar, spontaan in interaksie te tree, fisiese take te verrig, te beskerm, lojaal te wees in alle opsigte en as sosiale katalisator te dien.

FOTO 9 Vir die gestremde persoon voldoen die geselskapdier aan die belangrike behoeftes van aanvaarding en respek, fisiese en emosionele interaksie, kommunikasie en sosialisering



Die teenwoordigheid van 'n hond by 'n gestremde moedig spontane kontak deur ander mense aan. Hierdie natuurlike kontak verbreek die gevoel van isolasie waarin die gestremde hom so dikwels bevind en bied ook geleentheid vir die nie-gestremde om te ervaar dat gestremdes, ten spyte van hul fisiese onvermoëns, 'n sinvolle lewe kan lei. Die feit dat geselskapsdiere geen vooroordele het ten opsigte van gestremdheid nie en die gestremde volkome aanvaar, bied waarskynlik die grootste psigologiese voordeel in hierdie verband. Vanweë die fisiese beperkings word gestremdes dikwels weerhou van gereelde interaksie met mense, sowel as dat hul gestrem word in die uitvoer van hulle daaglikse aktiwiteite.

Vir die gesiggestremde persoon strek die waarde van 'n gidshond veel verder as die onafhanklikheid wat dit bied. Die gevoel van veiligheid, emosionele band, sosiale interaksie en verligting van spanning dra alles by tot verbeterde lewenskwaliteit (Steffens & Bergler, 1998:154-156). Die spesiale vennootskap tussen die gestremde en geselskapsdier word beskryf as 'growing together': "This 'embodied' sense of self and dog in turn begins to heal much of the isolation and suffering of blindness: increasing confidence, pride and power, dispelling loneliness and isolation and ameliorating stigma. Whilst guide dogs can, quite plainly, do nothing to cure the physical reality of blindness, the 'growing together' in partnership heals by its personal and cultural facets" (Woods, 1994:16).

FOTO 10 Vir die gesiggestremde persoon strek die waarde van 'n gidshond veel verder as die onafhanklikheid wat dit bied



'n Verdere voordeel van geselskapsdiere, met spesifieke verwysing na dienshonde ('service dogs'), is dat hulle 24 uur beskikbaar is vir sowel fisiese as psigiese funksies en dus die gestremde die geleentheid bied om sover moontlik onafhanklik te funksioneer (Odendaal,1988:94). Daar is bevind dat die teenwoordigheid van dienshonde vir fisiesgestremde persone, onder andere persone met spierdistrofie, veelvuldige sklerose en traumatiese breinbeserings, die behoefte aan betaalde hulp met tot soveel as 72% verminder het. Die sekondêre voordele voortspruitend hieruit was 'n toename in eiewaarde, onafhanklikheid, integrering in die gemeenskap en lokus van kontrole (Duncan, 1998:255). Die koste-effektiwiteit van dienshonde is ook in die studie van Allen & Blascovich (1996:1001-1006) bevestig waarin daar 'n 68% afname in betaalde hulp en 64% afname in onbetaalde hulp onderskeidelik plaasgevind het as direkte gevolg van die teenwoordigheid van dienshonde. Hierdie ekonomiese waarde van geselskapsdiere is nie alleen van belang vir die gestremde en sy/haar gesin nie, maar ook vir die mediese fondsbedryf wat hierdie soort eise dek.

'n Onderzoek deur Valentine *et al.* (1993:109-125) het spesifiek op die psigososiale implikasies van dienshonde gefokus en rapporteer die volgende: "[Respondents to the present survey reported feeling less lonely, less depressed, more capable, safer, more assertive, more content, and more independent; had more freedom to be capable; and reported an increase in self-esteem](#)". Die gebruik van apies ('capuchin monkeys') om fisiese

take vir gestremdes te verrig, is ook reeds bekend (Haldane, 1994:30; Sheppard, 1998:2). Dit blyk egter dat, net soos in die geval van dienshonde, die sosiale en emosionele voordele van interaksie met hierdie diertjies net so belangrike rol as die fisiese voordele speel.

FOTO 11 Die algemene maatskaplike funksionering van die persoon word positief beïnvloed deur terapeutiese perdry



In 'n ondersoek deur Exner *et al.* (1994:18) om die effek van hippoterapie (terapeutiese perdry) by parapleë en kwadrupleë vas te stel is die volgende fisiese en psigiese voordele uitgewys: “...positive effects found relative to spasticity, certain pain syndromes, as well as contraction syndromes associated with impaired joint mobility... a number of associated effects were noted in the physiotherapy and, especially, the nursing sectors, easier catheterization, more rhythmical bowel function, more balanced mood with improved sleep, and generally increased openness and motivation”. McGibbon, Andrade, Widener & Cintas (1998:754-762) en Would (1998:51-58) bevestig ook die positiewe effek van terapeutiese perdry op die vlotheid van bewegings en growwe motoriese funksionering by

serebraalgestremde kinders. Die algemene maatskaplike funksionering van die persoon word dus positief beïnvloed deur die interaksie met die dier.

Vir die gehoorgestremde hou geselskapsdiere in die vorm van 'hearing dogs' besondere voordele in. Benewens die fisiese ondersteuning met betrekking tot daaglikse aktiwiteite soos om die gestremde bewus te maak van byvoorbeeld 'n voordeurklokkie, alarm, wekker of gehuil van 'n baba, bied hierdie honde ook emosionele en psigologiese voordele: "Significant differences in depression, tension, social functioning, aggression, fatigue and sleep have been found" (Guest, 1994:22). Die teenwoordigheid van 'n 'hearing dog' maak verder 'n nie-sigbare gestremdheid sigbaar en bevorder daardeur groter begrip en empatie van die algemene publiek teenoor hierdie teikengroep (Fogle, 1999:237). Die gehoorgestremde persoon leef tot 'n groot mate geïsoleerd van die daaglikse lewe. Geselskapsdiere bied die geleentheid tot kontak met die gemeenskap, fisiese aktiwiteit, sosialisering en 'n gevoel van in-beheer-wees en van veiligheid. Ook Hart, Zasloff & Benfatto (1995:969&970) het bevind dat geselskap en gehoorbystand vir die gehoorgestremde waarde inhou, maar dat vervoerprobleme en moontlike gedragsprobleme van die honde negatiewe faktore in die verhouding kan wees.

Die verdere benutting van geselskapsdiere in hierdie diensterrein is die van 'seizure-alert dogs'. Resultate van 'n studie gedoen deur Edney (1993:5) het getoon dat al die honde (37) wat in die ondersoek gebruik is waarneembare alternatiewe gedrag geopenbaar het in antisipasie van 'n aanval: "...*(they were) looking anxious, apprehensive or restless. They alerted others in the vicinity or went away to seek help. They were described as behaving strangely; normally obedient dogs were found to become disobedient. Barking and whining were frequent, as was jumping up and nuzzling their owner. Dogs which anticipated their owners' seizures also 'stood guard,' 'kept check on,' the owners, licked their faces and hands, and encouraged them to lie down*". Alhoewel die steekproef in hierdie studie te klein was om daaruit afleidings te maak, het dit belangrike hipoteses vir verdere navorsing gestel wat inderdaad deur The Epilepsy Institute in New York verder ondersoek is.

3.7 MAATSKAPLIKE GESONDHEIDSORG

Maatskaplike werk op die terrein van gesondheidsorg fokus op: "...illness brought about by or related to social and environmental stresses that result in failures in social functioning and social relationships. It intervenes with medicine and related professions in the study, diagnosis, and treatment of illness at the point where social, psychological, and environmental forces impinge on role effectiveness" (Thackeray *et al.*, 1994:146). Gesondheid is 'n relatiewe begrip en verwys nie net na die afwesigheid van siektetoestande nie, maar na die kwaliteit van 'n mens se lewe wat deur 'n verskeidenheid faktore bepaal word (Edney, 1995:704). Positiewe mens–dierinteraksie word as een van die faktore wat lewenskwaliteit bevorder, gereken, en het verskillende toepassingsgebiede in maatskaplike gesondheidsorg. Die waarde van hierdie studieveld ten opsigte van gesondheidsorg in die algemeen, is reeds in Hoofstuk 2 onder die afdeling 'Geneeskunde' (2.9) bespreek. Die spesifieke waarde van geselskapsdiere vir die maatskaplike werker word vervolgens met enkele voorbeelde toegelig.

FOTO 12 **Positiewe mens–dierinteraksie word gereken as een van die faktore wat lewenskwaliteit bevorder**



Die geneeskundige maatskaplike werker funksioneer veral in hospitale en ander versorgingsinrigtings. Die volgende voordele van die benutting van geselskapsdiere in 'n hospitaal word deur Bernard (1995:95) uitgelig:

- ❖ Die teenwoordigheid van diere bied 'n gevoel van veiligheid en huislikheid en skep 'n minder geïsoleerde en steriele omgewing.
- ❖ Interaksie met die dier verminder die pasiënt se spanning en bied afleiding van pyn wat terapeutiese intervensie vergemaklik.
- ❖ Die diere bied onvoorwaardelike positiewe aanvaarding en verlig gevoelens van depressie.
- ❖ Die dier dien as nie-bedreigende tussenganger in die daarstelling van rapport tussen die pasiënt en die terapeut.
- ❖ Pasiënte voel nuttig deur te help met die oriëntering van nuwe hondjies met die omgewing en aparate.

FOTO 13 Interaksie met die dier verminder die pasiënt se spanning en bied afleiding van pyn wat terapeutiese intervensie vergemaklik



Spanola (2000:13) verduidelik die waarde van positiewe interaksie tussen kinderpasiënte en geselskapsdiere soos volg: "Having a dog by their side can ease some of the pain when children are experiencing such difficult procedures as spinal taps. Some warm and friendly

cats can help reduce the anxiety before or after an operation. Bunnies are soft to the touch for children recovering from severe burns. And dogs, cats and chickens provide safe, secure confidants for children who are in counseling and trying to work through psychological or physical abuse". Die belangrike rol van die multidisiplinêre span in die hospitaal word deur albei bogenoemde voorbeelde uitgelig. Samewerking tussen die maatskaplike werker (wat bewus is van die terapeutiese waarde van sulke kontak), die mediese dokter en verpleegkundige (wat onder andere die risiko van infeksies kan assesseer), en die veearts (wat die mees geskikte geselskapsdier vir die doel kan selekteer en die gesondheid van die dier kan bepaal) is noodsaaklik om die program suksesvol te implementeer.

Een van die funksies van die geneeskundige-maatskaplikewerker wat dikwels oorgesien word, is om die pasiënt, en in meeste van die gevalle ook die pasiënt se gesinsisteem, voor te berei op ontslag en herinskakeling tuis. Geselskapsdiere vorm 'n integrale deel van hierdie sisteem en is meestal nie voorbereid op die veranderinge wat daar plaasgevind het by die eienaar nie. Bernard (1995:97) merk op dat: "...patients (who) after discharge had the horrifying experience of their animals not easily adjusting to them and their 'new self' ! They look different, walk different or may have wheelchairs, walkers, or artificial limbs which frighten the pet. It is important to address these issues before the patient leaves on a pass". Die pasiënt mag dalk ook anders praat as gevolg van byvoorbeeld beroerte, of sensitief wees vir fisiese kontak as gevolg van pyn.

Nog 'n funksie wat deur die geneeskundige-maatskaplikewerker vervul kan word is om, in oorleg met die res van die mediese span, geleentheid aan pasiënte te bied om kontak met hul geselskapsdiere te maak. Veral in die geval van langtermyn hospitalisasie kan pasiënte 'n gevoel van isolasie en 'n verbreking van hegte bande met 'belangrike ander' in sy/haar sisteem ervaar. Indien daar 'n baie hegte band tussen die persoon en 'n spesifieke geselskapsdier bestaan, ervaar die dier ook die gevoel van verlies ten tye van 'n lang afwesigheid en is Sable (1995:339) van mening dat: "Allowing pets to visit humans in hospitals could benefit both the pet and its human companion and may help speed recovery".

Alhoewel vigspasiënte dikwels afgeraai word om geselskapsdiere aan te hou, blyk dit tog dat die persentasie pasiënte wat wel geselskapsdiere het dieselfde is as die res van die populasie (Angulo, Siegel & Detels, 1996:8). Omdat vigspasiënte dikwels geïsoleerd van die res van gemeenskap leef en min emosionele en sosiale kontak het, kan geselskapsdiere 'n belangrike leemte vul as substituuat vir ander belangrike verhoudings. In 'n ondersoek gedoen onder 708 HIV positiewe- en 214 vigspasiënte is die waarde van geselskapsdiere as

sosiale ondersteuning en verligting van depressie bevestig (Siegel, Angulo, Detels, Welsch & Mullen, 1999:15).

'n Geselskapsdier kan 'n unieke element in die ondersteuningsnetwerk van 'n gesin of persoon wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, wees. Die permanente teenwoordigheid en nabyheid van die geselskapsdier, maar terselfdertyd die geleentheid tot privaatheid en alleenwees wat hy/sy bied maak dit besonders. Dit is waarskynlik in die fase van die rouproses wat gekenmerk word deur eensaamheid en isolasie waarin die geselskapsdier se rol meer prominent na vore tree: "One very unique aspect of pets is their constant proximity. A complaint of bereaved spouses, for example, is that social support tends to be mobilized at the time of loss but then quickly ends...if social support is to be effective, it must continue throughout the period of mourning. Pets may help fill this gap and reduce the feeling of aloneness" (Sable, 1995:338). Die konstante, nie-veeleisende teenwoordigheid van 'n geselskapsdier tydens die rouproses het besondere waarde: "Owners who have suffered periods of intense grief report that their dogs never left their side, and appeared to be sharing their feelings. And this may be all that the person needed at that time - a constant, loving presence to be with them in the black places, to help them 'get through'" (Stewart, 1996:9). Adkins & Rajecki (1999:40) het bevind dat geselskapsdiere 'n positiewe rol speel tydens die rouproses van ouers wat 'n kind aan die dood afgestaan het. In hierdie studie het 75% van die ouers aangedui dat die geselskapsdier die rol van aandagafleier, vertrooster en vertroueling vertolk het.

Sterwensbegeleiding word dikwels gestrem deur die onvermoë van terapeute, vriende en familie om werklik toe te tree tot die ervaringswêreld van die sterwende persoon. Ten spyte van die beste van bedoelings, is dit nie altyd moontlik om eie vrees en pyn te oorkom om sodoende ten volle beskikbaar te wees vir begeleiding aan die persoon in nood nie: "They (friends, relatives, health care professionals) may be impeded by their own fears about death or the coming separation and may deny the patient the opportunity to work out his or her pain and grief" (Cusack, 1988:59).

Geselskapsdiere beskik beslis nie oor die vermoë om empaties toe te tree tot die leefwêreld van die sterwende persoon nie, maar het terselfdertyd ook nie redes om 'n afstand te behou nie. 'n Geselskapsdier se teenwoordigheid kan rustig, aanvaardend en nie-bedreigend wees en bied aan die persoon die geleentheid om beheer te hê oor die mate van kontak waarvoor hy/sy kans sien. In 'n ondersoek gedoen met terminale kanker pasiënte (Cusack, 1988:59) is bevind dat die teenwoordigheid van geselskapsdiere nie sosiale interaksie, soos deur meeste ander studies aangedui, bevorder het nie. Wat wel bevind is in genoemde

ondersoek is dat 12 van die 15 proefpersone aangedui het dat die teenwoordigheid van geselskapsdiere gevoelens van vrees, hopeloosheid, eensaamheid en isolasie verminder het. Geselskapsdiere het dus die vermoë om ondersteuning te bied op wyses wat mense nie kan nie. Die dier vermy nie die sterwende persoon nie, maar bied hom die geleentheid om teen sy eie tempo sy sterflikheid te verwerk: “The animal’s quiet, accepting, and nurturing presence strengthens and frees the patient to resolve his or her final experience successfully” (Muschel, 1984:457).

3.8. GEESTESGESONDHEIDSORG

Geestesgesondheid verwys na die totale welstand van die mens en sluit fisiese gesondheid, psigiese gesondheid en gesonde sosiale funksionering in (Witskrif vir Welsyn, 1994:79). In hierdie afdeling sal hoofsaaklik gefokus word op die sosiale funksionering en psigiese gesondheid van die mens, omdat fisiese gesondheid reeds onder die afdelings 2.9 (Geneeskunde) en 3.7 (Maatskaplike Gesondheidsorg) bespreek is.

Die geestesgesondheid van die mens word onder andere bepaal deur die aard en kwaliteit van sy/haar interpersoonlike verhoudings in elke fase van die lewensiklus. Sable (1995:339) kom tot die gevolgtrekking dat: “Attachment research and theory have shown that emotional well-being is in large measure affected by personal relationships, not only in childhood but throughout life. People need a combination of relationships from close affectional attachments to broader social contacts. There is now reason to include pets among significant attachment figures, not only for treating disturbed populations but also for promoting general mental health”. Die studie deur Keil (1998:132) sluit hierby aan en sy kom tot die gevolgtrekking dat: “...as quality of life deteriorated, attachment to animals increased”. (Vergelyk ook Poresky & Daniels, 1998:236-241.)

Fisiese kontak is 'n belangrike komponent van die mens se emosionele ontwikkeling en geestesgesondheid. Fisiese kontak tussen mense word egter bedreig as gevolg van negatiewe belewenisse, oneffektiewe kommunikasie of ander sosiale en omgewingsfaktore. Kontak tussen die mens en 'n geselskapsdier kan hierdie behoefte opvang: “Touch with an animal has no such hidden implications or threatening connotations. It is an innocent, and reciprocal, pleasure. Animals communicate by touching; it is their language, and they give and receive it joyfully” (Stewart, 1996:10).

FOTO 14 Fisiese kontak is 'n belangrike komponent van die mens se emosionele ontwikkeling en geestesgesondheid



In 'n ondersoek deur Haughey, Milne & Elliott (1993:18&19) met psigiatriese bejaardes is bevind dat die teenwoordigheid van 'n hond tydens groepsessies lei tot 'n toename in sosiale interaksie. Soortgelyke resultate is verkry uit ondersoeke met langtermyn geïnstitutionaliseerde pasiënte deurdat die teenwoordigheid van geselskapsdiere fisiese aktiwiteit gestimuleer het, selfversorging bevorder het, ontrekkingsgedrag verminder het, oogkontak bevorder het, humor gestimuleer het asook 'n afname in gedisoriënteerde gedrag teweeggebring het (Bowes, 1991:5; Kalfon, 1993:19 en Zisselman, Rovner, Shmuelly & Ferrie, 1996:47-51). Resultate van 'n ondersoek gedoen deur Van der Walt (1996: 87&89) onder psigogeriatrisiese pasiënte in Weskoppies Hospitaal, Pretoria, sluit hierby aan en het getoon dat die teenwoordigheid van geselskapsdiere tydens groepsessies die volgende waarde gehad het:

- ☛ die diere was vir die pasiënte mooi om na te kyk;
- ☛ hulle het die samesyn met ander pasiënte geniet;
- ☛ dit is deur die pasiënte as 'iets anders' wat die roetine verbreek geëvalueer;
- ☛ dit was ontspannend;

- ☛ dit het vorige herinneringe terugbring;
- ☛ dit was verrykend;
- ☛ dit het 'n kalmerende uitwerking gehad; en
- ☛ dit was verstandelik stimulerend.

Al die deelnemers aan die program het die behoefte uitgespreek dat 'n geselskapsdiergefasiliteerde program herhaal moet word. Die bevinding is gemaak dat die maatskaplike funksionering van psigogeriatrise pasiënte wat aan die program deelgeneem het, verbeter het (Van der Walt, 1996:100). Hierdie bevinding ondersteun die opmerking deur Cusack (1988:85): “So often the pet is the impetus to improved mental health, the focal point of a life, the bridge between the individual and the community as a whole”.

Vir die langtermyn geïnstusionaliseerde depressielyer kan die teenwoordigheid van geselskapsdiere verligting bring van die eentonigheid en geroetineerdheid van inrigtings-versorging. Cusack (1988:55) wys op die teenstelling in belewenis wanneer hy dit stel dat: “Life within them (institutions) is predictable, orderly, mundane, and boring, factors that, if they do not actually precipitate it, do little to discourage depression. Animals are spontaneous and unpredictable. They are a pleasant diversion from the rigors of institutional life. They offer a means to give and receive affection and a comforting, undemanding presence. Additionally, they prompt recollections of happier times with former pets and are a link to the patient's life on the outside”. Die verligting van depressie as gevolg van die teenwoordigheid van geselskapsdiere word ook deur Jessen, Cardiello en Baun (1996:339-348) aangedui.

Dit is nie net die geïnstusionaliseerde depressielyer wat hom/haarself van die buitewêreld afgesonderd voel nie. Passiwiteit en ontrekking van sosiale kontakte is kenmerkend van persone wat gebuk gaan onder depressie en so 'n persoon sal hom waarskynlik isoleer van die buitewêreld. Geselskapsdiere kan ook hier 'n rol speel deurdat hulle fisiese aktiwiteit stimuleer (hulle vereis versorging en oefening), 'n brug vorm vir sosiale kontak (dit is 'n objektiewe tussenganger en onderwerp vir nie-bedreigende kommunikasie) en 'n gevoel van sekuriteit bied (veral 'n hond) om dit buite die klein persoonlike ruimte te waag. In 'n studie gedoen deur Folse, Minder, Aycock & Santana (1994:188) is bevind dat mens-dierinteraksieprogramme 'n effektiewe benadering is in die behandelingsprogram van

studente wat aan depressie ly, en Rieger & Turner (1999:231) het op hul beurt bevind dat interaksie tussen katte en hul eenaars, gekompenseer het vir depressiewe gemoedstoestande. Depressielyers word dikwels veroordeel vir hul 'egosentriese' lewenstyl en onvermoë om liefde en aandag te gee. 'n Geselskapsdier beskik egter oor die vermoë om 'n verhouding in stand te hou ongeag die kwaliteit en kwantiteit van dit wat hy/sy ontvang.

'n Eksperiment is deur Holcomb, Jendro, Weber & Nahan (1997:32-36) gedoen om te bepaal of die teenwoordigheid van voëls die vlak van depressie van 'n groep manlike pasiënte in 'n dagsorgsentrum beïnvloed. Hulle het bevind dat die teenwoordigheid van die voëls as sodanig nie 'n beduidende verskil in depressievlakke oor die algemeen tewegebring het nie. Daar was egter wel verligting van depressie by pasiënte wat in interaksie met die voëls getree het. Die volgende waarnemings is gemaak:

- ☛ van die pasiënte het hul leunstoele naby die voëlhok geskuif vir hul middagslapie;
- ☛ sosiale interaksie tussen pasiënte en besoekers, en pasiënte en versorgers het toegeneem;
- ☛ die duur van besoeke van familie of vriende het toegeneem; en
- ☛ van die pasiënte het hul eie voëls as geselskapsdiere tuis aangeskaf na deelname aan die projek.

FOTO 15 Die teenwoordigheid van voëls verminder gevoelens van depressie



Die kalmerende effek van mens–dierinteraksie word deur verskeie studies aangetoon, waarvan die waardevolste bydrae vanuit die fisiologie kom. Die effek wat interaksie met 'n geselskapsdier op onder andere bloeddruk, hartklop, hormonale veranderinge en veltemperatuur het, kan 'n belangrike bydrae lewer tot die suksesvolle behandeling van die persoon wie se geestesgesondheid benadeel word deur oormatige angs en spanning. (Vergelyk Cusack, 1988:64-69 en Hoofstuk 2:2.7.)

Ontspanning en fisiese aktiwiteit, albei komponente wat geassosieër word met mens–dierinteraksie, is algemene voorskrifte vir die positiewe hantering van spanning en verligting van stres. Cusack (1988:80) maak die volgende stelling: “*Briskly walking a dog or playing with a pet offers two benefits: the actual physical output involved in the activity and the feeling of security that accompanies association with an animal. Petting and stroking a companion animal triggers physiological relaxation in the owner*“. 'n Geselskapsdier kan ook as 'n realiteitsobjek dien in die leefwêreld van die pasiënt wat gebuk gaan onder een of ander vorm van angstoestand of psigose: “*...an animal may just be what is needed to introduce a touch of earthy, basic reality to a shuttered and damaged perception. As this fact gains acceptance, animals are increasingly being used, in the world of mental illness and neuroses, to facilitate interaction between therapists and clients, especially where the*

clients are children” (Stewart, 1996:12). Interaksie met 'n dier kan egter ook angs en spanning veroorsaak vir persone wat nie 'n positiewe band met diere het nie. Vrees vir sekere geselskapsdiere, die verantwoordelikhede wat gepaardgaan met versorging, die gevaar van oordraagbare siektes en selfs bygelowe kan angs en spanning veroorsaak wat negatiewe interaksie tot gevolg kan hê.

Positiewe resultate is verkry uit 'n ondersoek wat deur Nathanson (1993:8) gedoen is om die kognisie van verstandelikgestremde kinders met behulp van die interaksie met Atlantiese Bottelneus dolfyne te bevorder. Die bevindings was dat die kinders twee tot 10 keer vinniger, en met beter retensie, geleer het tydens interaksie met die dolfyne as tydens die klaskamersituasie weg van die dolfyne. Kritiek op die wetenskaplikheid van hierdie navorsing en die geldigheid van die bevindings is egter deur Marino & Lilienfeld (1998:194-200) gelewer, maar ook Cusack (1988:85) vermeld die positiewe resultate wat verkry is met die interaksie tussen dolfyne en outistiese kinders. 'n Gevallestudie deur Anderson (1994:5) bevestig op sy beurt die uitbouing van kommunikasievermoë by 'n Downsindroomkind met behulp van interaksie met dolfyne. In 'n studie gedoen deur Redefer & Goodman (1989:461-467), is bevind dat die teenwoordigheid van 'n geselskapsdier (in dié geval 'n hond) tydens terapisessies met outistiese kinders, sosiale interaksie bevorder het. Die kinders was beter instaat om deel te neem aan sosiale interaksie en het hierdie sessies ook meer geniet as die sessies waar die diere nie teenwoordig was nie. Hierdie resultate word bevestig deur Tschochner (1998:138) wat bevind het dat mens-dierinteraksie sosiale gedrag van outistiese kinders asook psigoterapie met die kinders in die proefgroep bevorder het.

'n Interessante bevinding is verkry uit 'n studie wat gedoen is oor die mens-dierband tydens die oorlog in Beirut in 1982. Die teenwoordigheid van die diere het 'n belangrike rol gespeel in die geestesgesteldheid van die mense midde in die oorloggeteisterde gebiede. Respondente in die ondersoek het laat blyk dat hul geselskapsdiere 'n bron van gerusstelling was ten tye van bombarderings en skietaanvalle. Daar is net so, of selfs in 'n groter mate, na die welstand van die diere omgesien ten opsigte van veiligheid, kos, water en aandag as na hul eie welstand (Cusack, 1988:70).

Indien die positiewe band tussen mens en dier verbreek word, kan dit ook lei tot geestesongesteldheid. Die afsterwe van 'n geliefde bring 'n wanbalans op sowel fisiese- as emosionele vlak teweeg. Indien die rouproses nie voltooi word nie, kan dit lei tot psigiese versteurings soos oormatige angs en depressie wat in uiterste gevalle selfs tot selfmoord kan lei. Die emosionele en psigiese effek van die afsterwe van 'n geselskapsdier kan dieselfde intensiteit aanneem as in enige ander mens-tot-mens verhouding (Drake-Hurst,

1994:21, Gerwolls & Labott, 1994:182, Jarolmen, 1999:18 en Adams, *et al* 1999:33-39). Die intensiteit van die roubelewenis word volgens Gosse & Barnes (1994:103) onder andere beïnvloed deur: "...the pet owner's level of attachment to a deceased pet, the perceived degree of understanding received from others about the loss and the level of other stressful events (that) would combine to have a significant predictive value in grief outcome". Dit is volgens Nicholson, Kemp-Wheeler & Griffiths (1995:101) nie alleen die emosionele simptome wat dieselfde is nie, maar ook: "...the need to mourn, the need to have feelings of grief acknowledged and respected, and the need for a period of adjustment before feeling ready to make a commitment to a new relationship". Hierdie gevoelens van verlies van 'n geselskapsdier word vererger as gevolg van die feit dat dit in sommige sisteme 'n taboe is om oor 'n dier te rou (Morales, 1997:243-254). Mense voel dikwels skaam om hul gevoelens van verlies te wys (Sable, 1995:338) en mag selfs dink dat dit abnormaal is en die gevoelens gevolglik onderdruk. Die maatskaplike werker moet kennis neem van hierdie behoeftes sodat dit in berekening gebring kan word in die assesseringsproses. Deur die kliënt die geleentheid te gee om oor sy/haar geselskapsdier te praat kan belangrike inligting rakende die emosionele gesteldheid van die persoon asook ander verhoudings na vore kom.

Die afgelope dekade toon 'n toename in die beklemtoning van rouberaad ten opsigte van die afsterwe van geselskapsdiere: "The development of pet loss support groups... reflects awareness of this grief and is a type of prevention against maladaptive adjustment" (Sable, 1995:339). Veral populêre literatuur word gekenmerk deur onderwerpe soos 'Pet loss support groups', 'Pet grief counselling' en 'Pet bereavement' (Diamond, 1994:16; Montgomery & Montgomery, 1994:16), terwyl wetenskaplike bronne meer fokus op die psigiese implikasies van die beëindiging van 'n mens–diervershouding en faktore wat 'n rol speel in die hantering daarvan (Damino, 1994:15; Nicholson, 1994:16; Sife, 1994:17; Stallones, 1994:43-52 en White, 1994:16). Alhoewel hierdie groepe meestal ontstaan onder leiding van veeartse en dieregedragkonsultante, behoort maatskaplike werkers 'n meer aktiewe rol hierin te speel, omdat hulle oor die kennis en vaardighede van sterwensbegeleiding beskik. Sable (1995:339) ondersteun hierdie stelling deurdat sy sê: "Social workers could be involved in such groups both to detect psychological disturbance and to educate the public about the place of pets in people's lives. They can affirm the emotional importance of a companion animal and promote societal sympathy and support for bereaved owners..." Volgens Turner (1997:225) werk die veearts en die maatskaplike werker alreeds sedert 1979 saam toe die eerste maatskaplikewerk-praktyk in 'n kleindierhospitaal in die VSA gestig is. Die maatskaplike werker se taak was om na die emosionele probleme van kliënte wie se diere ernstig siek was of gesterf het om te sien, opvolgwerk te doen waar dieregedragsprobleme moontlik 'n simptome van gesins-problematiek was, probleme met

irrasionele of moeilike kliënte te hanteer en om bystand te verleen in die keuse van 'n geselskapsdier.

Die resultate van 'n ondersoek deur Stallones (1994:52) bevestig die belangrikheid van die beskikbaarheid van rouberaad aan geselskapsdiereienaars. In hierdie ondersoek was daar 'n beduidende verskil in simptome van depressie tussen die groep wat beraad ontvang het en die groep wat nie beraad ontvang het nie. Stallones (1994:52) is van mening dat die veearts die skakel behoort te wees tussen die kliënt en die berader: “**Veterinarians who deal with people who are losing a pet should be aware of the significant role the pet may play in the overall mental health of the individual and consider forming links with local mental health professionals for referral purposes...**”. Soortgelyke resultate is verkry uit 'n ondersoek gedoen deur Gerwolls & Labott (1994:172-185). Hulle bepleit die aanvaarding van die rouproses en rouberaad na die afsterwe van 'n geselskapsdier: “**As pets play important roles in their owner's lives and contribute to their wellbeing in many ways, the death of a pet may leave a void difficult to fill. Therapists, veterinary personnel, and lay persons alike need to be sensitive to this issue in order to help bereaved pet owners endure this difficult period**”. 'n Ondersoek deur Turner (1997:227&228) na die aangebode probleme van inbellers na 'n ondersteuningshulplyn na die dood van hul geselskapsdier het bevind dat besluite rondom genadedood, skuldgevoelens oor die dood van die dier, gebrek aan sosiale ondersteuning en verlies van geselskapsdiere as substituuat vir ander belangrike verhoudings, die belangrikste temas was wat deur die beraders hanteer was. Sowel Turner (1997:229) as Fogle (1999:237) bepleit groter betrokkenheid van die geestesgesondheidsberoepe in die studieveld van mens-dierinteraksie en nouer samewerking tussen hulle en die veeartse in die bevordering van geestesgesondheid.

Die belangrikste voordele van positiewe interaksie met geselskapsdiere is dus die bevordering van geestesgesondheid en voorkoming van geestesongesteldheid deurdat geselskapsdiere gesonde lewenstyl bevorder. 'n Gesonde lewenstyl ('lifestyle correctness') is volgens Jennings (1997:358-372) die fokus van die 21e eeu.

3.9. SUBSTANSAFHANKLIKHEID

Substansafhanklikheid word gereken as een van die grootste gesondheids- en maatskaplike probleme ter wêreld. Dit word bereken dat in Suid-Afrika ongeveer 5.8% van die populasie ouer as 15 jaar, afhanklik is van alkohol alleen (Witskrif vir Welsyn, 1997:81). Indien pil- en

daggaverslawing hierby gereken word, is die omvang van substansafhanklikheid veel groter as die geskatte 6%. Die toename in afhanklikheid onder veral vroue en kinders wek kommer.

FOTO 16 Geselskapsdiere dien as skakel tussen mense, emosionele ondersteuner en nie-veroordelende vriend



Substansafhanklikheid strem die slagoffer daarvan op sowel fisiese-, psigiese-, emosionele- as sosiale vlak. Zastrow (2000:270) verwys na dwelmmisbruik as die: “...regular or excessive use of a drug when, as defined by a group, the consequences endanger relationships with other people, are detrimental to the user’s health, or jeopardize society itself”. Die afhanklike persoon is vasgevang in ‘n eensame, verdedigende, geïsoleerde, veroordelende en ongebalanseerde lewe. Die verlies van positiewe verhoudings in die gesin, gemeenskap, sosiale lewe en werkplek is waarskynlik die grootste enkele verlies waarmee die afhanklike persoon worstel. Die vermoë van geselskapsdiere om as katalisator, skakel tussen mense, bewonderaar, realiteitsobjek, emosionele ondersteuner en nie-veroordelende vriend te wees (Cusack, 1988:75-85 & Sable, 1995:339) kan as motiveerder in die proses van rehabilitasie dien. In die oë van ‘n geselskapsdier is sy eienaar altyd ‘n held, ongeag die verlede: “No matter what you look like, how everyone else perceives you, your animal does not care at all. You are always the hero even though you have lost the respect of everyone else in your world” (Stewart, 1996:9).

Behandelingsprogramme vir afhanklike persone neem verskillende vorme aan: “Treatment programs for drug abuse include inpatient and outpatient services provided by community mental health centers, some medical hospitals, and specialized chemical abuse rehabilitation centers. Additional programs include self-help groups, halfway houses, and therapeutic communities” (Zastrow, 2000:308). Die benutting van geselskapsdiere in al dié onderskeie programme is nog 'n onontginde terrein van navorsing. Die mees bekende toepassing van mens–dierinteraksieprogramme is in inrigtingsverband. 'n Voorbeeld van 'n geselskapsdier-besoekprogram aan 'n rehabilitasiesentrum vir substansafhanklikes word deur Miller, Cross & Underwood (1998:3) bespreek. Die voordeel van 'n besoekprogram is dat die waarde van positiewe mens–dierinteraksie ervaar kan word sonder die verantwoordelikheid wat gekoppel word aan geselskapsdiereienaarskap. In 'n vroeë fase van rehabilitasie is die afhanklike persoon nog nie gereed vir die fisiese of emosionele verantwoordelikheid wat gepaard gaan met geselskapsdiereienaarskap nie. Die welsyn van die geselskapsdiere moet ook in ag geneem word en daarom is die keuse van die spesifieke model van implementering belangrik.

'n Ondersoek deur Nicolai (1998:126) was daarop gerig om aan jong dwelmverslaafdes die geleentheid te bied om vaardighede in verhoudingsbou en probleemoplossing aan te leer. Positiewe resultate is verkry en die navorser is van mening dat mens–dierinteraksieprogramme die geleentheid aan geïsoleerde groepe bied tot rehabilitasie en herintegrering in die gemeenskap. Soortegelyke program word by die Noupoot Christain Care Centre, 'n rehabilitasiesentrum vir adolessente in die Noordkaap, aangebied (Carbett, 1997:4-5).

FOTO 17 **In die oë van 'n geselskapsdier is sy eienaar altyd 'n held, ongeag die verlede**



3.10. ARMOEDE

Armoede is waarskynlik die mees ingrypende samelewingstendens. In Suid-Afrika word gereken dat 45-47% van die populasie (\pm 18 miljoen mense), in armoede leef (Witskrif vir Welsyn, 1997:9; Potgieter, 1998:65 en Taylor, 2000:x). Armoede staan sentraal tot die meeste ander maatskaplike probleme en vereis intervensie op multidisiplinêre vlak: “Teamwork involving the sustained and united efforts of society’s major institutions - political, educational, industrial, professional, governmental, religious – is the best hope for the prevention and ‘cure’ of poverty” Thackeray *et al.* (1994:31).

Positiewe mens–dierinteraksie kan nie armoede voorkom of verlig nie. Groter begrip deur die onderskeie dissiplines ten opsigte van die terapeutiese- en ontwikkelingswaarde van geselskapsdiere vir alle groepe, ongeag hul ekonomiese gesteldheid, word wel bepleit. Jennens (1992:179&180) is egter van mening dat mense wat nie oor die fisiese-, finansiële-, sosiale- of verstandelike vermoëns beskik om die verantwoordelikheid van geselskapsdiereienaarskap te aanvaar nie, die grootste bedreiging vir dierewelsyn inhou. Die regte van diere word ook hierdeur geraak (Turner, 1996:26&27). Alhoewel arm gesinne nie oor die ekonomiese vermoë beskik om na geselskapsdiere om te sien nie, kan hulle ook nie sondermeer ontnem word van die behoefte om met diere kontak te maak nie. Om ekonomies ontmagtig te wees ontnem jou nie van die vermoë om in positiewe interaksie met ‘belangrike ander’ te tree nie. Om liefde te gee en te ontvang is ‘n basiese menslike behoefte. ‘n Gemeenskapsgeondheidswerker van Khayelitsha, Gwen Duma (1997:9), sê dit

is 'n belediging om van die veronderstelling uit te gaan dat arm mense nie 'n gevoel vir diere het nie: "As poor as we are, we love our animals and a growing number of men and women here in Khayelitsha feel very strongly about the humane treatment of animals...It is an insult to assume that because we are poor we have no heart".

FOTO 18 Om ekonomies ontmagtig te wees ontnem nie iemand van die vermoë om in positiewe interaksie met 'belangrike ander' te tree nie



(Foto: Hein du Plessis)

Geselskapsdiere kan 'n belangrike rol vervul in die lewenskwaliteit van ekonomies gestremde persone deurdat hulle min eise stel, nie-veroordelend is nie, nie statusbewus is nie en onvoorwaardelike liefde betoon. Geselskapsdiere het dus nie net terapeutiese waarde in die sin dat hulle onvoorwaardelik aanvaarding toon en min eise stel nie, maar dra ook by tot die ontwikkelingsbehoefte van alle teikengroepe: "...companion animals contribute to the normal growth and development of people... the position that growing up with a pet does contribute to the establishment of a life style that involves nurturance and companionship, and can sustain a philosophy of life's validity even under difficult circumstances" (Swabe, 1999:160). Gebrek aan opvoeding, as gevolg van ontoeganklikheid van hulpbronne aan die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, speel 'n belangrike

rol ten opsigte van geleenthede om met geselskapsdiere op te groei. Opvoeding hou verband met die mate van respek en empatie vir diere, 'n bewustheid van diere se behoeftes, voorkoming van wreedheid teenoor diere, diereversorging en hantering, vrese vir diere en kennis oor dieregedrag en gesondheid – dus verantwoordelike geselskapsdier-eienaarskap. (Vergelyk Ascione, 1992:176-191; Hindle, 1992:14; Hills, 1995:141 en Van der Merwe, 2000(a):2-4.)

In 'n ondersoek deur Kidd & Kidd (1994:16) kom hulle tot die gevolgtrekking dat: "It was clear that many homeless adults did have pets which were important for their mental and physical health and that pet care was associated with unique problems". Die verantwoordelikheid ten opsigte van die welsyn van die dier moet dus ook deur die maatskaplike werker in berekening gebring word tydens hulpverlening. In 'n ondersoek deur Singer, Hart & Zasloff (1995:854) onder daklose individue het 93.3% mans en 96.4% vroue gesê dat hulle behuising, waar hul geselskapsdiere nie toegelaat sal word nie, nooit sal oorweeg nie. Hierdie faktor kompliseer die probleem van dakloosheid vir geselskapsdier-eienaars omdat behuising, wat aan hierdie behoefte voldoen, nog skaarser is. Redes wat deur hierdie groep aangevoer is waarom hulle geselskapsdiere besit is vriendskap, lojaliteit en veiligheid (Singer et al., 1995:856). Daar kan dus nie sondermeer verwag word dat hulle van die diere moet afstand doen ter wille van behuising nie. In die hulpverlening aan ekonomies ontmagtige persone, fokus die maatskaplike werker dikwels só op die fisiese behoeftes van die persone, dat die behoeftes aan vriendskap, aanvaarding, nie-veroordeling en geselskap ('companionship') nie raakgesien word nie.

FOTO 19 Die behoeftes van daklose mense aan vriendskap, aanvaarding, nie-veroordeling en geselskap word nie altyd raakgesien nie



3.11. SAMEVATTING

Die waarde van geselskapsdiere, en die rol wat mens–dierinteraksieprogramme in nege van die diensterreine in maatskaplike werk kan speel, is in hierdie hoofstuk geïdentifiseer. Die sentrale tema wat deur elk van hierdie afdelings na vore tree, is geleë in die rol van geselskapsdiere in die bevordering van die lewenskwaliteit van mense, en dus gesonde maatskaplike funksionering. Dit is duidelik dat mens–dierinteraksie sowel terapeutiese- as ontwikkelingsdoelwitte kan bereik, en dus rehabiliterende-, voorkomende- en verrykende waarde het. Een van die uitstaande voordele van hierdie vorm van intervensie is die feit dat die gebruik van geselskapsdiere toepaslik is in al die diensterreine van maatskaplike werk, en ook nie beperk hoef te word deur grense van geslag, ouderdom, status, gesinstipe, kultuur of ekonomiese welstand nie.

Geselskapsdiere vorm deel van meer as die helfte van moderne gesinstrukture en word in die meeste gevalle beskou as formeel deel van die gesinsistiem. Positiewe interaksie met geselskapsdiere in die gesin word geassosieer met sterker gesinsgehegtheid, toename in gesinspret en aktiwiteite, 'n fokuspunt van interaksie en meer fisiese oefening. Geselskapsdiere in gesinsverband kan onder andere die volgende, meer spesifieke funksies, vervul: emosionele ondersteuner, bron van stabiliteit, kontinuïteit en sekuriteit,

stresverligter, substituut en gehegheidsfiguur. Negatiewe interaksie met geselskapsdiere dui weer op 'n spesifieke dinamika in die gesinsisteem, en die hoë korrelasie tussen gesinsgeweld en geweld teenoor diere is 'n belangrike komponent van gesinsassessering.

Die lewenskwaliteit van bejaarde persone word bedreig deur die vinnig ontwikkelende samelewing en die verlies aan positiewe emosionele bande. Begrip vir die diversiteit van behoeftes van bejaarde persone, en die bevordering van selfhelp en onafhanklikheid kan die balans weer herstel. Interaksie met geselskapsdiere stimuleer fisiese oefening, bevorder selfversorging en veiligheid, verlig eensaamheid, verveeldheid en sosiale isolasie. Hierdie faktore dra weer by tot die bevordering van die eiewaarde van die bejaarde persoon en gee nuwe sin aan dié lewensfase.

Mens–dierinteraksieprogramme in die diensterrein van korrektiewe dienste is veral bekend in die rehabilitasie van gevangenes. Die primêre doel met hierdie programme is vaardigheidsopleiding met die oog op herinskakeling in die gemeenskap. Die teenwoordigheid van geselskapsdiere het egter ook 'n positiewe effek op die algemene sosiale gedrag van gevangenes deurdat hulle verveeldheid en oproerigheid teenwerk. Die emosionele waarde van geselskapsdiere vir hierdie teikengroep, is geleë in die nie-veroordelende en nie-bedreigende houding van diere.

Geselskapsdiere speel 'n belangrike rol in die kognitiewe-, emosionele-, sosiale- en psigiese ontwikkelingsproses van die kind. Positiewe interaksie tussen kinders en geselskapsdiere stimuleer onder andere taal, spraak en kreatiwiteit, bevorder empatie, verantwoordelikhedsin en respek teenoor belangrike ander, bevorder sosiale interaksie en spel, en verlig eensaamheid en hartseer. Al hierdie faktore dra by tot die ontwikkeling van 'n gesonde eiewaarde en algemene gesonde funksionering. Negatiewe interaksie tussen kinders en geselskapsdiere is 'n vroeë aanduiding van wanfunksionering, hetsy in die gesinsisteem of die persoonlikheidsamestelling van die kind.

Die nie-veroordelende, aanvaardende en nie-verdedigende houding van geselskapsdiere, asook hul vermoë om spontaan kontak te maak, liefde en bewondering te wys, te beskerm en fisies hulp te verleen, is maar enkele van die voordele van positiewe mens–dierinteraksie vir persone met fisiese- en ontwikkelingsgestremdhede. Geselskapsdiere bied aan gestremde persone die geleentheid om optimaal onafhanklik te funksioneer en bemagtig sodoende die persone om beheer oor hul eie lewens te neem. Om bemagtig te word, bevorder tot 'n groot mate lewenskwaliteit in die algemeen.

Geselskapsdierbesoekprogramme aan versorgingsinrigtings en hospitale is van die mees bekende toepassingsgebiede van mens–dierinteraksie. Die terapeutiese omgewing wat deur die teenwoordigheid van diere geskep word, en die positiewe effek van fisiese interaksie op die gesondheid van die pasiënt, dra by tot die herstelproses en algemene gemoedstoestand van die pasiënt. Veral die effek wat positiewe interaksie op bloeddruk, hartklop en hormonale veranderinge het, is van waarde vir die bevordering van fisiese en psigiese gesondheid. Vir die chroniese siek persoon, bied positiewe mens–dierinteraksie afleiding van pyn en ongemak, en kan ook verligting van depressie en eensaamheid meebring. Die konstante, nie-emosioneelveeleisende teenwoordigheid van 'n geselskapsdier, speel 'n belangrike rol tydens sterwensbegeleiding en rouberaad. Die kalmerende effek van die teenwoordigheid van 'n dier verminder gevoelens van vrees en hopeloosheid en bied op 'n besondere manier vertroosting.

Psigiese gesondheid en gesonde sosiale funksionering is twee belangrike komponente van geestesgesondheidsorg. Vir psigiatriese bejaardes het positiewe mens–dierinteraksie die waarde dat dit onder andere fisiese aktiwiteit stimuleer, onttrekkingsgedrag verminder en sosiale interaksie bevorder. Geselskapsdiere beskik voorts oor die vermoë om depressie te verlig deurdat hulle passiwiteit en onttrekking van sosiale kontak teenwerk, realiteitsoriëntering bied, humor stimuleer en aandagafleiers is. Die kalmerende effek van positiewe interaksie en die gevoel van sekuriteit wat die teenwoordigheid van geselskapsdiere bied, het 'n positiewe effek op die persoon wat gebuk gaan onder disfunksionele angs en spanning. Die nie-bedreigende interaksie met diere bevorder ook die kommunikasievaardighede, kognitiewe vermoëns en sosiale interaksie van verstandelikgestremde persone. Indien die positiewe band tussen mens en dier verbreek word, kan die geestesgesondheid van beide bedreig word. Rouberaad aan geselskapsdiereienaars vervul 'n belangrike rol in die voorkoming van geestesongesteldheid, maar word nog nie deur die maatskaplikewerkberoep erken nie.

Geselskapsdiere beskik oor die besondere vermoë om vir die substansafhanklike persoon, wat gebuk gaan onder die verlies van positiewe verhoudings met belangrike ander, as katalisator, rolmodel en nie-veroordelende vriend te dien. Die onvoorwaardelike aanvaarding, sonder bagasie uit die verlede en verlies aan respek, bied aan die persoon in die proses van rehabilitasie, die emosionele ondersteuning en brug na ander verhoudings.

Armoede ontnem die slagoffers daarvan nie alleen van basiese behoeftes en sekuriteit nie, maar ook van positiewe sosiale interaksie en selfagting. Die feit dat geselskapsdiere min eise stel, nie-veroordelend is, nie statusbewus is nie, en altyd lojaal bly ongeag of daar in sy

die behoeftes voorsien kan word, bied aan die ekonomies ontmagtigde persoon die geleentheid tot 'n positiewe verhouding. Alhoewel dit die primêre fokus sal wees, kan hulpverlening aan arm persone nie net op die fisiese behoeftes fokus nie. Indien daar reeds 'n positiewe band tussen mens en dier bestaan, moet die emosionele waarde wat hierdie band tydens die hulpverleningsproses het, in ag geneem word.

Die multidisiplinêre aard van hulpverlening in die onderskeie diensterreine bied die geleentheid aan die maatskaplike werker om as fasiliteerder in die proses toe te tree. Die implementering van mens-dierinteraksieprogramme is geensins maklike of nuwe vorme van intervensie nie, maar vul 'n spesiale nis in die komplekse en uitdagende terrein van hulpverlening aan die mens in nood. In die volgende hoofstuk word ondersoek ingestel na die mate waarin daar reeds in multidisiplinêre spanverband saamgewerk word om mens-dierinteraksieprogramme te implementeer, en gepoog om riglyne vir multidisiplinêre samewerking daar te stel.